

HOOFTUK I

DIE KOMS VAN SLAWE NA DIE KAAP

Historiese agtergrond

1. Die algemene siening van slawerny van die sestiende tot negentiende eeu

Die eerste bepalende faktor in die koms van slawe na die Kaap was die algemene siening van slawerny van die sestiende tot negentiende eeu. Slawerny is so oud soos die menslike beskawing self. Die antieke volke, soos die hoogbeskaafde Grieke en Romeine, het groot getalle slawe aangehou, terwyl die lyfeienskap in die Middeleeuse Wes-Europa slegs 'n gewysigde vorm van slawerny was. In die sewentiende eeu was slawerny by alle Christen volkere in volle swang. Dit was 'n lewenswyse, 'n ideologie, 'n ordening van die ekonomiese lewe en 'n integrale deel van die mens se kulturele opset.¹ Slawerny het 'n noodsaaklikheid geword en regverdiging vir die weersinwekkende praktyk is veral in die Christelike leerstellings gesoek. Ondersteuners van slawerny het onder meer aangevoer dat wette wat op slawebesit betrekking gehad het reeds in die Ou Testament deur Moses uitgevaardig is, terwyl slawerny nêrens in die Nuwe Testament pertinent verbied is nie. Daarbenewens is riglyne met betrekking tot beide slawe en eienaars deur die apostels van Christus neergelê. Hiervolgens is die regverdiging van sodanige verhouding by implikasie afgelei.² In die sewentiende en agtiende eeu het die Gereformeerde Kerk van Nederland, wat as "publieke kerk" 'n besondere status beklee het, voor die werklikhede van die tyd gekapituleer en slawerny sowel as 'n duidelike slawerny-teologie aanvaar. Kerklikes soos die predikant Godfried Udemans (1581? - 1649) van Zeeland het in 1638 sy boek *'t Geestelyck roer van coopmans schip* gepubliseer waarin hy slawerny as vanselfsprekende instelling beskou, aandag op die verantwoordelikhede van Christen slawe-eienaars vestig en onder meer die standpunt huldig dat slawerny regverdigbaar is op voorwaarde dat alle slawe na 'n aantal getroue diensjare vrygestel moes word.³ Die standpunt van Otto Keye in 1659 ten opsigte van slawerny kan as verteenwoordigend van die meerderheid van sy tydgenote beskou word: "Voor eerst dat het gebruyk der Slaven in't Oude Testament was toegelaten. Ten tweeden, dat het in't Nieuwe Testament niet verboden is. Ten derden, dat het in de Keyserlicke wetten is gepermitteerd."⁴ Selfs 'n eks-slaaf, Jacobus Elisa Joannes Capiteijn wat van Wes-Afrika afkomstig was, het in sy Latynse proefskrif waarmee hy in 1742 sy doktorsgraad aan die Universiteit van Leiden behaal het, aangevoer dat slawerny nie strydig met die Christelike leer is nie.⁵

¹ J.L. Hattingh, 'n Ontleding van sekere aspekte van slawerny aan die Kaap in die sewentiende eeu, *Kronos* 1, 1979, p. 36.

² V. de Kock, *Those in bondage*, p. 14; E.C. Godée Molsbergen, *De stichter van Hollands Zuid-Afrika, Jan van Riebeeck, 1618 - 1677*, pp. 91 en 100; W. Wright, *Slavery at the Cape of Good Hope*, p. 58.

³ C.R. Boxer, *The Dutch in Brazil, 1624 - 1654*, p. 83.

⁴ O. Keye, Het waere onderscheyt tussen koude en warme landen, soos aangehaal in W. Blommaert, Het invoeren van de slavernij aan de Kaap, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 1938 1, p. 2.

⁵ J.E.J. Capiteijn, *De slawerny, alts niet strydig tegen de Christelike vryheid*; E.C. Godée Molsbergen, *De stichter van Hollands Zuid-Afrika, Jan van Riebeeck, 1618 - 1677*, p. 91.

Vir beide die Rooms-Katolieke en Protestantse gelowe is slawerny geensins as strydig met die Christelike leer van broederlike liefde beoordeel nie en is dit selfs as redding vir heidense inboorlinge voorgelou in soverre hulle as slawe die seëninge van die Christendom deelagtig kon word. Vir diegene wat in stamoorloë gevang is, het slawerny ook ontvlugting van die dood gebied: “To abolish a status which in all ages God has so sanctioned ... would be extreme cruelty to the African savages, a portion of whom it saves from massacre and introduces to a much better life.”⁶

Aan die Kaap is bogenoemde sienings ook deur die Kapenaars gehuldig. Samuel Eusebius Hudson (1764 - 1828),⁷ Engelse immigrant en persoonlike assistent van Andrew Barnard, skrywer, kunstenaar, doeanebeampte en self ‘n slawebesitter aan die Kaap, het in 1796 na sy aanvanklike veroordeling van slawerny, sy gewete as slawebesitter met die volgende dagboekinskrywing probeer sus:

Reconcile myself to the idea of purchasing a slave, a traffic my whole soul condemned, but when we can rescue a poor wretch from a cruel servitude with determination to render him those comforts to make slavery bearable it becomes an act of charity and which humanity need not blush at.⁸

M.D. Teenstra (1795 - 1864),⁹ die Groningse boer wat in 1825 om gesondheidsredes sy reis na Oos-Indië moes onderbreek en ‘n paar maande aan die Kaap vertoef het, het die reaksie van die Kapenaars op die betoog vir slawevryheid weergegee: “De slavenhandel is door God gewettigd; lees slechts de geschiedenis der Joden en der Kanaänieten. Waartoe wildet gij eene voor dit volk ongelukkige vrijheid bewerken ? Gij zoudt hier armoede en gebrek invoeren, de slave dan vrije menschen zijnde ...”¹⁰ Daarbenewens was die slawe gewoon aan hulle posisie en was hulle vreedzaam en sorgloos in soverre hulle nie deur “verkeerde inblasings van vrijheid worden opgeroed”.¹¹

Afgesien van Teenstra, wat sterk standpunt teen slawerny ingeneem en ‘n toegeskroeiende gewete die skuld vir die geredelike aanvaarding van slawerny aan die Kaap gegee het, het verskeie van sy voorgangers ook hulle misnoë in dié verband te kenne gegee. Die Nederlandse skeepskaptein Cornelius de Jong (1762 - 1838)¹², wat die Kaap teen die einde van die agtiende eeu besoek het, was van mening dat “niets wreeder kan zijn, dan slaven te hebben”.¹³ Anders Sparrman (1748 - 1820)¹⁴, Sweedse geneesheer en natuurkundige wat van 1772 tot 1776 ‘n besoeker en reisiger aan die Kaap was, het slawerny as ‘n “geweld-

⁶ J. Boswell, *The life of Samuel Johnson*, soos aangehaal in V. de Kock, *Those in bondage*, p. 16.

⁷ D. W. Krüger (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek II*, p. 329.

⁸ R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson’s “Slaves”, *Kronos* 9, 1984, p. 70.

⁹ W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek I*, p. 820.

¹⁰ M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden, gedurende mijne reize over de Kaap de Goede Hoop, naar Java, en terug, over St. Helena, naar de Nederlanden*, pp. 311 - 312.

¹¹ *Ibid.*, p. 312.

¹² C.J. Beyers (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek IV*, pp. 121 - 122.

¹³ C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I*, p. 145.

¹⁴ W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek I*, p. 796.

dadige” woede teen die natuurlike regte van die mensdom” bestempel.¹⁵ William John Burchell (1781 - 1863)¹⁶, wat tydens sy besoek aan die Kaap van 1810 tot 1815 binnelandse reise onderneem het, het sy siening ten opsigte van slawerny as volg verwoord: “Nothing that the most able and ingenious advocates for slavery have advanced, can stand against that powerful objection, that it is a practice morally wrong, and directly contrary to the best and clearest feelings of human nature.”¹⁷ John Campbell (1766 - 1840),¹⁸ direkteur van die *London Missionary Society* wat in 1821 twee binnelandse reise aan die Kaap onderneem het, het slawerny as “a condition which shocks human nature”¹⁹ bestempel, terwyl eerwaarde William Wright (fl. 1830)²⁰ die onbenydenswaardige posisie van die slaaf betreur het: “... still in hopeless bondage, deprived of the natural rights which he had derived from our common parent; ... a chattel – a thing liable to be bought and sold; without civil existence (as he legally was at the Cape).”²¹ Die Amerikaans-gebore Robert Semple (1777 - 1816)²², sakeman, reisiger en skrywer wat van 1798 tot 1803 aan die Kaap gewoon het, het verklaar dat “domestic slavery has at all times and in all nations been productive of much evil”.²³

Alhoewel slawerny deur sommige reisigers en besoekers veroordeel is, was dit nie ‘n algemene verskynsel nie. Selfs gesaghebbende skrywers op die gebied van die staats- en natuurreg, soos Hugo de Groot (1583 - 1645) en Ulricus Huber (1636 - 1694) het, alhoewel hulle die menslike behandeling van slawe bepleit het, slawerny as ‘n volkome gewettigde maatskaplike instelling beskou.²⁴

Weens die algemene siening en aanvaarding van slawerny in die sewentiende eeu was daar gevolglik geen morele struikelblok wat die invoer van slawe na die Kaap verhoed het nie. Nederland het sonder enige gewetensbesware aan die uiters winsgewende wêreldwye slawehandel in dié tyd deelgeneem. Slawehandel en -invoere na die Kaap uit die totale omtrek van die Indiese Oseaan-kom is verder vergemaklik deur die feit dat dit een van die oudste slawehandelsgebiede in die wêreld was wat tot 1580 v.C.²⁵ terugdateer. Slawerny was dus lank reeds voor die Nederlandse betrokkenheid in die Ooste in volle swang en ‘n algemeen aanvaarde praktyk.

2. Nederlandse handelsbetrokkenheid in Oos-Indië

Die koms van slawe na die Kaap staan in direkte verband met die seevaart- en handelsgeskiedenis van Nederland sedert die sestiende eeu en kan as ‘n direkte uitvloeisel van die sterk kolonisasie- en handelsmag van Nederland in dié tyd beskou word. Die

¹⁵ A. Sparrman, *A voyage to the Cape of Good Hope towards the Antarctic Polar Circle round the world and to the country of the Hottentots and the Caffres from the year 1772 - 1776, I* (red. V.S. Forbes), p. 205.

¹⁶ D.W. Krüger (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek II*, pp. 106 - 107.

¹⁷ W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, p. 33.

¹⁸ C.J. Beyers en D.W. Krüger (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek III*, p. 130.

¹⁹ J. Campbell, *Travels in South Africa, undertaken at the request of the Missionary Society*, p. 21.

²⁰ *A South African bibliography to the year 1925, IV*, p. 833.

²¹ W. Wright, *Slavery at the Cape of Good Hope*, p. 2.

²² C.J. Beyers (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek V*, p. 745.

²³ R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope*, p. 36.

²⁴ W. Blommaert, Het invoeren van de slavernij aan de Kaap, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 1938 I, p. 2.

²⁵ R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. xxxiv.

handelsbetrokkenheid van Nederland in Oos-Indië was 'n tweede belangrike beweegrede vir die vestiging van slawerny aan die Kaap.

Een van die belangrikste bewegingsmomente in die opbloeï van die Nederlandse seevaarhandel tydens die tweede helfte van die sestiende eeu was die verowering van Portugal in 1580 deur Philips II van Spanje (1527 - 1598).²⁶ Portugal, wat die grootste handelaar met die Ooste was, se koloniale ryk is hierdeur verswak en sy kolonies was daarna aan ander opkomende seevaartmoondhede blootgestel. Die "generaal arrest" in 1585 waartydens Hollandse skepe in die hawens van Spanje en Portugal gekonfiskeer is en die besetting van die florerende Antwerpen, die daaropvolgende sluiting van die Lissabonse hawe vir alle Nederlandse skepe in 1594 en die opskorting van alle handel tussen Portugal en Nederland het voorts as sterk motivering vir die Nederlanders gedien om die waardevolle handelsware self in die Ooste te bekom, soos die Nederlandse skeepskaptein, Cornelius de Jong, later in 1792 opgemerk het: "En daar wij ons thans van alle Indische waren verstoken zagen, bleef als het eenvoudigste middel over, ze uit de Indiën zelve te gaan halen ..." ²⁷

As uitvloeisel van vermelde verwickelinge het die skeepsbou 'n opbloeï beleef en is 'n meer doeltreffende handelsvaartuig in 1594/95 deur die Nederlanders ontwikkel. Hierdie handelskip, wat relatief goedkoop vervaardig kon word en 'n swaar vrag met aansienlik minder fisiese inspanning kon vervoer, was inderdaad sterk mededinging vir konkurrente vaartuie.²⁸ Met sy byna plat boom, groot bergruimte en maklike hanteerbaarheid het die fluitskip, wat in die hawestad Hoorn aan die Suidersee gebou is, 'n deurslaggewende rol in die welslae van die Nederlandse skeepvaart en handel van die sewentiende eeu gespeel. Mettertyd sou die nog meer effektiewe Oos-indiëvaarder uit die beste eienskappe van die fluit (vragskip) en pinas (verdedigingskip) ontwikkel; 'n sterk, ruim skip wat sy man op militêre verdedigingsgebied kon staan. Bydraende faktore tot die opbloeï van die Nederlandse seevaarhandel was onder meer die ontstaan van die "rederij"-stelsel wat 'n koöperatiewe vereniging van handelsbelange was,²⁹ die emigrasie van Protestantse koopmanne met hulle kundigheid en kapitaal na die noordelike provinsies van Nederland met Amsterdam as hawestad, die handelsbehoefte van Suid-Europa weens swak ooste van 1586 tot 1590 in dié gebiede sowel as die ontwikkeling van verbeterde skeepvaartversekering wat met die stigting van die Kamer van Versekering in 1598 te Amsterdam tot stand gekom het.³⁰ Terwyl bogenoemde faktore die weg vir Nederlandse uitbreiding na die Ooste gebaan het, is die grondslag vir daadwerklike handel in 1594 met die stigting van die Kompanjie van Verre Lande deur nege Noord-Nederlandse koopmanne, gelê.³¹

Die eerste georganiseerde Nederlandse handelsvloot wat op 2 April 1595 vanaf Texel

²⁶ D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman: a survey of slavery at the Cape of Hope under the Dutch East India Company, 1652 - 1795*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 1; O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope I*, p. 42.

²⁷ C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, II*, p. 102.

²⁸ G.C.E. Crone, *Onze schepen in de Gouden Eeuw*, pp. 86 - 93; A. Hyma, *A history of the Dutch in the Far East*, p. 58.

²⁹ C.W. Boxer, *The Dutch seaborne empire, 1600 - 1800*, pp. 19 - 22.

³⁰ D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 2.

³¹ G. Claassen, *Historiese blik op die Lae Lande*, p. 153; F.S. Gaastra, *De geschiedenis van de VOC*, p. 20.

na Oos-Indië vertrek het, het onder bevel van Cornelis de Houtman (1565 - 1599) gestaan.³² “Deze verdienstelijke man”,³³ wat tydens sy verblyf in Portugal ‘n omvattende kennis van die Oos-Indiese handel opgedoen het, was die aangewese persoon om die vloot van vier skepe met ‘n bemanning van 240 aan te voer wat weer in 1597 na Nederland sou terugkeer. Onder die dinamiese leierskap van Johan van Oldenbarneveldt (1547 - 1619) en deur die aktiewe bemoeienis van Prins Maurits van Nassau (1567 - 1625) het die Vereenigde Oost-Indische Compagnie (VOC) op 20 Maart 1602 tot stand gekom.³⁴ Daaropvolgend is die handelsmonopolie oos van die Kaap die Goeie Hoop tot aan die Straat van Magellaan deur die State-Generaal aan die VOC toegeken³⁵ en sou die Nederlandse invloed en kultuur hiermee, danksy ‘n sterk vloot, na die verre bekende wêreld uitgedra word. Onder bestuur van die Heeren XVII (sewentien direkteure) het die VOC onmiskenbaar die belangrikste kolonisasie-agent van Nederland geword. Die mag om na goeiedunke oorlog te verklaar, troepe in stand te hou, vestings te verdedig en ooreenkomste aan te gaan, is deur die State-Generaal aan die VOC gedelegeer.³⁶ Onder bestuur van die Heeren XVII is die basis vir die Verre Oosterse deel van die Nederlandse koloniale ryk gedurende die eerste dekade van Oosterse uitbreiding gelê. Handelsooreenkomste is onder meer met Borneo, China, die Maleise Argipel, Japan, die Koromandelkus van Indië, Ternate, Amboina en Java gesluit.³⁷

Onder die bekwame en meedoënlose leierskap van persone soos Jan Pieterzoon Coen (1587 - 1629), wat in 1619 die amp as goeweneur-generaal van Nederlands-Oos-Indië aanvaar het, het die invloed en konsolidasie van die VOC in die Verre Ooste dramaties toegeneem.³⁸ In sy pogings om Engeland en Portugal as die belangrikste mededingers uit die gebied te verdryf, is die stad Djakarta op die eiland Java op 30 Mei 1619 deur Nederland van Brits Oos-Indië verower. Die stad is na Batavia herdoop en as hoofstad van die Nederlandse koloniale ryk in die Verre Ooste gevestig.³⁹ Tydens sy tweede termyn (1627 - 1629) as goewerneur-generaal het Coen die VOC se mag in Java verstewig en sou Batavia vir die daaropvolgende driehonderd jaar die belangrikste Nederlandse invloedskern in die Ooste sowel as aan die Kaap wees, “t hooft en middelpunt van die Nederlandse Oost-Indise Compagnie” volgens Nicolaus de Graaff.⁴⁰

Wat slawerny in Nederlands-Oos-Indië betref, het die VOC aktief tot die lewendige Oosterse slawemark toegetree, betreklik vinnig by bestaande gebruike aangepas en die voorbeeld van die inheemse Asiatiese slawebesittende gemeenskap in die aanwending en behandeling van slawe gevolg om spoedig ‘n reputasie as “beruchte slavenhandelaar” op te bou.⁴¹ ‘n Reeks

³² O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope I*, pp. 42 - 43; B.H.M. Vlekke, *Nusantara. A history of the East Indian archipelago*, pp. 92 - 93.

³³ C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, II*, p. 102.

³⁴ G. Claassen, *Historiese blik op die Lae Lande*, p. 153; O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope I*, pp. 43 - 45; A.J. Böeseke, *Avontuur in die vreemde*, p. 12.

³⁵ G. Claassen, *Historiese blik op die Lae Lande*, p. 153.

³⁶ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope I*, p. 45.

³⁷ D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman*, D.Phil. -proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 4.

³⁸ G. Claassen, *Historiese blik op die Lae Lande*, p. 167; B.H.M. Vlekke, *Nusantara. A history of the East Indian archipelago*, pp. 105 - 128.

³⁹ G. Claassen, *Historiese blik op die Lae Lande*, p. 167.

⁴⁰ N. de Graaff, *Reisen van Nicolaus de Graaff gedaan naar alle gewesten des werelds, beginnende 1639 tot 1687 inclus* (red. J.C.M. Warnsinck), p. 182.

⁴¹ H.E. Niemeijer, *Calvinisme en koloniale staatscultuur; Batavia, 1619 - 1725*, p. 45.

bykomende plakkate wat mettertyd uitgevaardig is, sowel as die *Statute van Indië* (Julie 1642) het wel 'n groter mate van gereguleerdheid ten opsigte van die status, regte en verpligtinge, oortredings en strawwe, godsdiensoerrig, behuising en die algemene behandeling van slawe meegebring.⁴² Slawe is met gemak in die Kompanjie se ekonomiese struktuur opgeneem en het toenemend 'n belangrike rol in die VOC-bedrywighede in Oos-Indië gespeel. Hulle is veral as arbeiders in die neutplantasies van Amboina, die goudmyne by Salida op Sumatra en die fortkonstruksie op Ceylon aangewend.⁴³ Hulle is ook gebruik vir die onderhoud van regeringsgeboue en -tuine, die aanlê van paaie en die beoefening van ambagte in die werksinkels en skeepsbouwerwe, terwyl hulle as hawewerkers, draers in pakhuse, skoonmakers en as kantoor- en huisbediendes van Kompanjiesamptenare, vryburgers en ryk Chinese diens verrig het.

Slawerny aan die Kaap is ten nouste met die handelsgeskiedenis van sewentiende-eeuse Nederland verweef. Die stigting van 'n verversingspos vir Nederlandse handelskepe aan die Kaap die Goeie Hoop het die lotgevalle van 'n aansienlike getal slawe wat om hulle arbeid na die Kaap gebring sou word, bepaal. Slawearbeid sou uiteindelik ook 'n belangrike rol in die voortbestaan van die verversingspos en nedersetting, sowel as die ontstaan van 'n nuwe nasie aan die suidpunt van Afrika speel. Deur hulle teenwoordigheid en lewenswyse sou die slawe – veral dié van Oosterse herkoms – hulle stempel op die Kaapse samelewing en kultuur afdruk.

3. Stigting van 'n verversingspos aan die Kaap die Goeie Hoop

Op 'n terugvaart van die Ooste het die *Nieuwe Haarlem*, ook bekend as die *Haarlem*, wat swaar met Oosterse ware gelaai was, op 25 Maart 1647 te Bloubergstrand in Tafelbaai gestrand. 'n Besluit is geneem ingevolge waarvan die grootste deel van die waardevolle wag onder leiding van onderkoopman Leendert Janszen (? - 1658) en sestig seemanne aan land gebring en geberg sou word totdat die retoervloot van 1648 die ware en seelui na Nederland sou terugneem.⁴⁴

'n Jaar na hulle aankoms op 16 Julie 1648 in Nederland, het Leendert Janzen en Matthijs Proot (1600 - 1664) 'n "remonstrantie" aan die direkteure van die Amsterdamse Kamer van die VOC oorhandig. Die rol wat die Kaap as verversingspos vir VOC-skepe kon speel, was daarin uiteengesit. Volgens hulle sou dit tot "voordeel ende proffijt" van die Kompanjie wees om "een Fort ende Thuijn aen de Cabo de Bona Esperance" op te rig.⁴⁵ Op grond van genoemde "remonstrantie" het die Heeren XVII op 18 Maart 1651 besluit om "eene rendezvous en sterckte" aan die Kaap op te rig.⁴⁶

⁴² Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad (hierna K.A.B.): C. 2328 - C. 2332: Placaaten en Statuten van India, 1642-07-01; J.A. van der Chijs (red.), *Nederlandsch-Indisch Plakkaatboek, 1602 - 1811, I*, pp. 572 - 576.

⁴³ J.C. Armstrong, Die slawe, 1652 - 1795, in H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 81.

⁴⁴ G.D. Scholtz, *Ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner I, 1652 - 1806*, p. 39.

⁴⁵ H.C.V. Leibbrandt (red.), Letters and documents received, 1649 - 1662, I, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, pp. 3 - 16; F.A. van Jaarsveld, *Honderd basiese dokumente by die studie van die Suid-Afrikaanse geskiedenis 1648 - 1961*, p. 1.

⁴⁶ E.C. Godée Molsbergen, *De stichter van Hollands Zuid-Afrika, Jan van Riebeeck, 1618 - 1677*, p. 69.

Op 25 Maart 1651 is 'n dokument met instruksies oor die stigting van 'n Kaapse verversingspos deur die Kamer van Amsterdam aan die drie skeepbevelvoerders van die voornemende ekspedisie na die Kaap oorhandig. Die doel van die verversingspos is duidelik in die inleidende paragraaf van dié dokument uitgespel en het basies die voorsiening van vars voedsel, water en ander voorrade sowel as die lewering van mediese dienste aan siek seelui behels.⁴⁷ Nadat Matthijs Proot die aanbod as kommandeur aan die Kaap van die hand gewys het, is die aanbod op 2 Mei 1651 deur koopman Jan van Riebeeck (1618 - 1677) aanvaar. Onder sy leiding het die *Drommedaris*, *Reiger* en *Goede Hoop* op Sondag 24 Desember 1651 van Texel, Nederland vertrek om op 6 April 1652 in Tafelbaai anker te gooi.⁴⁸ Dit was die begin van die eerste permanente Europese vesting aan die Kaap wat uiteindelik tot 'n nuwe nasie sou lei waarin onder andere die slawe en hulle nakomelinge 'n belangrike rol sou speel.

4. Die keuse van slawe as oplossing vir die arbeidsprobleem

Om aan die doel as verversingspos en hersteloord vir verbygaande VOC-skepe te beantwoord, moes 'n infrastruktuur so spoedig moontlik aan die Kaap tot stand gebring word. In die opdrag van die Heeren XVII vir die vestiging van 'n verversingspos, blyk dit duidelik dat die sewentien direkteure nie die grootskaalse gebruik van slawearbeid aan die Kaap voorsien het nie.

Vir die vestiging van die verversingspos aan die Kaap was arbeid onder meer nodig vir die konstruksie van die eerste fort, die oprigting van pakhuse, skure, wonings, 'n hospitaal, die grootskaalse bou van paaie, damme en 'n hawehoof, die grawe van gragte, vir die vis-, walvis- en robbevangs, die bewerking van robvelle en kook van traan, die baksteenwerke en steengroewe, die soutwerke en kalkbrandery, kap en vervoer van timmer- en brandhout, die sny van riet, die aanlê van groentetuine, vrugteboorde en koringlande, sowel as vir die veeteelt. Boonop moes die nedersetting teen vyandige aanvalle verdedig en bystand tydens ontdekkingsreise na die binneland verleen word.

As gevolg van 'n toenemende werkslading met onvoldoende, onervare, onwillige en ondoeltreffende Kompanjiesarbeiders, wat veral weens die ongunstige klimaatstoestande sowel as onbekende bodemgesteldheid in gebreke gebly het om die nodige voedselvoorrade vir plaaslike sowel as skeepgebruik te produseer, het daar spoedig 'n donker wolk oor die voortbestaan van die Kaap as verversingspos gehang. Daarbenewens het die moontlikheid van vryburgers, wat die voortbestaan van 'n vry landbounedersetting en die ekonomiese lewensvatbaarheid van die Kaap moes waarborg, ook arbeid vereis.⁴⁹

Die garnisoen van honderd tot honderd-en-twintig man was te klein vir die omvang en aard van die arbeid wat die verversingspos vereis het. Daarbenewens was die werksvermoëns van die Kompanjiesarbeiders sterk onder verdenking en is sommige as ruwe kêrels, rusiemakers, dronkaards, "vuile snappers" en dobbelaars, "leege gasten en geveijnsde siecken" wat totaal onverskillig teenoor hulle werk gestaan het, beskryf.⁵⁰ Van Riebeeck het ferm teen dié lui en

⁴⁷ H.C.V. Leibbrandt (red.), Letters and documents received, 1649 - 1662, I, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, p. 28.

⁴⁸ D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 12.

⁴⁹ N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 6.

⁵⁰ W. Blommaert, Het invoeren van de slavernij aan de Kaap, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 1938 1, p. 12.

onbetroubare amptenare opgetree en in 1653 besluit dat hulle te onbekwaam en onbetroubaar was en na Nederland teruggestuur behoort te word.⁵¹ Daar moet in gedagte gehou word dat die aanpassing by ongewoon veeleisende fisiese arbeid en die vreemde Mediterreense klimaatsomstandighede wel tot vele ongesteldhede by die Kompanjiesarbeiders gelei het.⁵² In die nastrewing van sy ideaal om die Kaap as verversingspos te laat slaag, het Van Riebeeck die werksvolk bo hulle vermoëns aangedryf en was hulle, weens die aanhoudende arbeid en gebrekkige lewensmiddele, uitermate afgemat. 'n Nypende tekort aan trekdiere, soos perde, muile, donkies en osse, het arbeid aansienlik bemoeilik.⁵³ Die monopolistiese beheer van die VOC ten opsigte van privaatinkomste van sy werknemers uit landbou, handel of industrie het ook ongemotiveerdheid en laksheid in die hand gewerk wat tot 'n afname in produktiwiteit aanleiding gegee het. Daarbenewens het die voorsiening in die voedsel-, kleding- en verblyfbehoeftes van die Kompanjiesarbeiders 'n groot finansiële las op die skouers van die Kompanjie geplaas.⁵⁴

Verskeie faktore het uiteindelik tot die keuse van slawe as oplossing vir die arbeidsprobleem aanleiding gegee. Die gebrek aan 'n alternatiewe werkbare arbeidsbron geld as eerste belangrike faktor in dié verband. Die gebruik van matrose en soldate van verbyvarende VOC-skepe as tydelike arbeid, was nie geslaagd nie, aangesien min oor die nodige vaardighede beskik het en hulle meesal siek en die herstelperiode tyd- en geldrowend was.⁵⁵ Aangesien die dienstermyn van die meeste persone op die terugvaart na Nederland reeds verstreke was, het werksmotivering by diegene ontbreek. Daarbenewens was skippers van skepe wat by die Kaap aangedoen het, dikwels nie geneë dat hulle bemannings na uitputtende seereise veeleisende arbeid op land moes verrig nie.⁵⁶ In 1658 het selfs goewerneur-generaal Joan Maetsuyker in 'n brief sy ontevredenheid te kenne gegee oor die "bloedige arbeit die het volcq der passerende schepen moet doen" en gemaan dat die Kompanjiespos aan die Kaap nie gestig is om gesonde mense siek te maak nie.⁵⁷ Hoewel dit aanvanklik as vanselfsprekend aanvaar is dat die inheemse bevolking in die arbeidsbehoeftes van die verversingspos sou voorsien, het die plaaslike Khoikhoi 'n beskeie rol in die ontginning van die bodem sowel as die ekonomiese ontwikkeling tydens die vestiging van die nedersetting gespeel. Die aanwending van die inheemse bevolking as arbeiders sou onsuksesvol wees juis vanweë die feit dat dit strydig met VOC-beleid was, wat die verslawing van inheemse volkere verbied⁵⁸ en die vryheid van inboorlinge in die Nederlandse kolonies gerespekteer het. Daarbenewens was die VOC van mening dat die verslawing van die plaaslike bevolking tot drostery en opstande aanleiding sou gee. Ingevoerde slawe daarenteen sou weens 'n gebrek aan die nodige ondersteuningstrukture, nie tot sodanige ondermynende aktiwiteite in staat

- ⁵¹ A.J. Böeseke (red.), *Resolusies van die Politieke Raad I, 1651 - 1669, Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 14.
- ⁵² J.A. van Riebeeck, *Daghregister gehouden by den oppercoopman Jan Anthonisz van Riebeeck I, 1651 - 1655* (reds. D.B. Bosman en H.B. Thom), pp. 125 - 126.
- ⁵³ H.C.V. Leibbrandt (red.), *Letters despatched from the Cape, 1652 - 1662, II, Précis of the Cape of Good Hope*, p. 256.
- ⁵⁴ H.C.V. Leibbrandt (red.), *Letters despatched from the Cape, 1652 - 1662, I, Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, pp. 93 en 271; *Ibid. II*, pp. 77, 147, 157 en 159.
- ⁵⁵ H.C.V. Leibbrandt (red.), *Letters despatched from the Cape, 1652 - 1662, I, Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, pp. 93 en 271; *Ibid. I*, p. 48; *Ibid. II*, p. 158.
- ⁵⁶ S.W. le Roux, *Vormgewende invloede op die ontwikkeling van moskee-argitektuur binne die Heilige Sirkel aan die Kaap tot 1950*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1992, p. 25.
- ⁵⁷ A.J. Böeseke, *Nederlandsche Commissarissen aan de Kaap, 1657 - 1700*, p. 60.
- ⁵⁸ N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 7.

wees nie. Die behoefte aan goeie handelsbetrekkinge het die owerhede in Nederland boonop genoodsaak om 'n oorbeskermdende beleid ten opsigte van die inheemse bevolking te handhaaf.⁵⁹ Die eerste wet wat formeel as *plakkaat*⁶⁰ aan die Kaap uitgevaardig is, het op die sensitiewe hantering van die plaaslike Khoikhoi betrekking gehad. Hiervolgens is 'n ernstige beroep op selfbeheersing gedoen en moes die Khoikhoi, selfs onder die uiterste mate van provokasie, met rus gelaat word. Molestering van enige aard sou tot lyfstraf ten aanskoue van die betrokke Khoikhoi lei.⁶¹

Die oënskynlike teensinnigheid en onvermoë van die Khoikhoi om strawwe fisiese arbeid te verrig, sou hulle ook ongeskik maak om in die arbeidsbehoefte van die verversingspos en nedersetting te voorsien. Weens 'n gebrek aan kennis van die aard en lewenswyse van die Khoikhoi, wat hoofsaaklik rondtrekkende veeboere was, is hulle arbeidsvermoë veral deur die Europeërs aan die Kaap negatief beleef.⁶² In 'n neerhalende verslag skryf Wagenaer onder meer: "... en overdach ziet men evenwel noch eenige van die luijaerts voor onse borgeren ijets helpen schueren off wasschen, waterhalen, branthout hacken ... Andere uijt die luijen hoop (die noch veel erger en tot geenen arbeit altoos te krijgen) leven op den bedelsack off soecken de kost met stelen en roven ..."⁶³ Die verskil in behoeftestrukture tussen die Khoikhoi en die Europeërs sou veral tot konflik op arbeidsgebied lei. Die onwilligheid van die Khoikhoi om by die akkerbou pogings van die nuwe nedersetters betrokke te raak, was heelwaarskynlik eerder aan hulle sterk vryheidsbewussyn as luiheid te wyte.⁶⁴ In sy pogings om die Khoikhoi as loonarbeiders van die Kompanjie aan te wend, het Jan van Riebeeck vroeg reeds besef dat dit 'n futiele oefening was. Sy eerste ervaring met die Khoikhoi as potensiele werkslui was op 26 Mei 1653 toe hy hulle, eers nadat hulle "lustich met eeten ende drinkcken ende een tabacjen"⁶⁵ getrakteer is, kon oorhaal om 'n paar balke timmerhout uit die bos agter Tafelberg na die Fort aan te dra. Toe hy dié proefneming die volgende dag wou herhaal, "was geen deegh mede te doen, wijsende dat door 't dragen van gister, al te seer vermoeyt waren".⁶⁶ Uiteindelik het hy tot die onvleiende gevolgtrekking gekom dat hulle 'n "botte, plompe ende luye stinckende natie"⁶⁷ is. Weens die latere demografiese verval van

⁵⁹ W. Blommaert, Het invoeren van de slavernij aan de Kaap, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 1938 I, p. 18.

⁶⁰ 'n *Plakkaat* was 'n edik of regulasie wat deur die regeringsliggaam uitgevaardig is en dieselfde status as 'n wet gehad het.

⁶¹ H.C.V. Leibbrandt (red.), Letters and documents received, 1649 - 1662, II, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, p. 352; A.J. Böesecken, *Avontuur in die vreemde*, p. 36.

⁶² A.U. de Mist, *Diary of a journey to the Cape of Good Hope and the interior of Africa in 1802 and 1803*, p. 28; F. le Vaillant, *Travels into the interior parts of Africa, by the way of the Cape of Good Hope; in the years 1780, 81, 82, 83, 84 and 85*, I, p. 100; O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 126; E. Strangman, *Early French callers at the Cape*, p. 109; M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden, gedurende mijne reize over de Kaap de Goede Hoop, naar Java, en terug, over St. Helena, naar de Nederlanden*, p. 149.

⁶³ A.J. Böesecken (red.), *Dagregister en briewe van Zacharias Wagenaer, 1657 - 1666, Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Belangrike Kaapse Dokumente II*, pp. 71 - 72.

⁶⁴ F. Leguat, *A new voyage to the East Indies*, p. 228.

⁶⁵ J.A. van Riebeeck, *Dagregister gehouden by den oppercoopman Jan Anthonisz van Riebeeck I, 1651 - 1655* (reds. D.B. Bosman en H.B. Thom), p. 141.

⁶⁶ *Loc. cit.*

⁶⁷ W. Blommaert, Het invoeren van de slavernij aan de Kaap, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 1938 I, p. 15.

die inheemse herdersvolkere sou baie van hulle tot plaasarbeid gedwing word.⁶⁸

‘n Ander arbeidsalternatief was die immigrasie van Europese mans wat as kontrakarbeders op die vryburgerplase sou werk. Groot skaalse emigrasie was egter strydig met Kompanjiesbeleid, terwyl die uitgawes aan gehuurde arbeid ‘n negatiewe uitwerking op die reeds sukkelende boerderygemeenskap sou hê.⁶⁹

As handelsorganisasie wat ‘n streng besparingsbeleid gehandhaaf het, het die VOC druk op Van Riebeeck uitgeoefen om die Kaap so spoedig moontlik tot ‘n ekonomiese onafhanklike eenheid te ontwikkel. As gevolg van genoemde arbeidsproblematiek was die Kaap spoedig in ‘n voortbestaanskrisis gedompel. Retoervlote wat broodnodige rysvoorrade uit Indië na die Kaap moes bring, het dikwels verbygevaar. Die krisis is vererger deur die wisselvallige veehandel met die Khoikhoi, die diefstal van die kosbare klein veestapel in 1653 deur die Strandlopers, die Suidooster wat die ryp koringlande verwoes en sprinkaanplae wat die tuine verniel het.⁷⁰ Op dié wyse sou die Kaap nie aan sy doel as verversingspos kon beantwoord nie. Deeglik bewus van die voordele wat slawearbeid vir die Kaap kon inhou, het Van Riebeeck hom vir die invoer van slawe begin beywer. Slawe sou koste-effektiewe arbeid beteken; ‘n groter stabiel en beheerbare arbeidsmag teen geringer uitgawes. Dit sou die oplossing vir die arbeidsprobleem bied, die sleutel tot ekonomiese onafhanklikheid wees en as sodanig die voortbestaan van die Kaapse nedersetting waarborg. Die instelling van slawerny aan die Kaap kon boonop binne die reeds bestaande wetgewende strukture van die Bataafse regering geskied.⁷¹

Vir die volgende vyf jaar sou Van Riebeeck vasberade en onverstoord herhaalde aansoeke vir slawe rig, wat tot 1656 keer op keer geïgnoreer of geweier is. Reeds op 25 Mei 1652 het Van Riebeeck toestemming van die Raad van Indië versoek om slawe van Batavia in te voer wat “het vuylste ende swaerste werck in plaetse van de Nederlanders” aan die Kaap kon doen.⁷² Alhoewel hierdie versoek onsuksesvol was, was dit die begin van ‘n lang oorredingstryd met die besparingsbewuste owerhede wat uiteindelik op 12 Oktober 1656 vrugte afgewerp het met ‘n brief van die Heeren XVII waarin Jan van Riebeeck versoek is om die vestiging van vryburgers te bespoedig en wat hom van hulle besluit om twee skepe vir slawehandel met Angola en Madagaskar na die Kaap te stuur, in kennis gestel het.⁷³ Die vestiging van ‘n vry landbounedersetting wat met voldoende arbeid stelselmatig die hele landboubedryf uit die hande van die Kompanjie moes neem en kolonisasie in die hand sou werk, het ná oortuiging deur Van Riebeeck hoë prioriteit by die Heeren XVII geniet.

Met die versekering van slawe vir die Kaap, is die eerste vrybriewe op 20 Februarie 1657

⁶⁸ S.W. le Roux, *Vormgewende invloede op die ontwikkeling van moskee-argitektuur*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1992, p. 56.

⁶⁹ N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 8.

⁷⁰ W. Blommaert, Het invoeren van de slavernij aan de Kaap, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 1938 I, p. 9.

⁷¹ N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, pp. 8 - 9.

⁷² H.C.V. Leibbrandt (red.), Letters despatched from the Cape, 1652 - 1662, I, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, p. 45; W. Blommaert, Het invoeren van de slavernij aan de Kaap, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 1938 I, p. 19.

⁷³ H.C.V. Leibbrandt (red.), Letters received, 1695 - 1708, I, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, p. 285.

deur Van Riebeeck aan 'n aantal gewillige Kompanjieswerknemers uitgereik,⁷⁴ terwyl grond die volgende dag langs die Liesbeekrivier – toe die Amstel genoem – aan die vryburgers toegeken is.⁷⁵ Die ekonomiese lewensvatbaarheid van die nedersetting sou voortaan van die mate waarin die arbeidsbehoefte van dié vry landbougemeenskap aangespreek word, afhang. Slegs slawearbeid sou dit kon waarborg. Op 13 Julie 1657 het die eerste van die twee beloofde slaweskepe, naamlik die *Maria*, in die Kaap aangekom, terwyl *De Hasselt* 'n maand later sy opwagting gemaak het.⁷⁶ In die agtiende eeu sou die voortsetting van slawerny aan die Kaap by twee geleenthede in die weegskaal wees, maar telkens sou die voordele van slawearbeid swaarder as dié van ingevoerde blankearbeid weeg.

Tydens 'n vergadering van die Politieke Raad op 10 Februarie 1717, waartydens die agt raadslede onder meer 'n vraag van die Heeren XVII oor die ekonomiese haalbaarheid van slawearbeid teenoor ingevoerde blankearbeid moes beantwoord, was slegs Dominique Marius Pasques de Chavonnes (? - 1718), kaptein van die garnisoen, ten gunste van die afskaffing van slawerny en die invoer van blanke arbeid, terwyl die meerderheid raadslede van mening was dat slawearbeid meer nuttig, produktief, gerieflik en goedkoper as dié van Europese boereknegte sou wees.⁷⁷ Aan die Kaap was hierdie knegte Europeërs wat meesal ongetroud en soms tydelik in die land was. As matrose of soldate in diens van die Kompanjie is hulle as betaalde arbeiders aan die burgers uitgehuur. Die knegte is in baie gevalle as onderwysers op die plase aangewend, maar meesal is hulle as opsigters oor slawe aangestel.⁷⁸ Volgens Le Roux was die knegstelsel nie 'n groot ekonomiese of sosiale sukses nie, aangesien die kneg hom as tydelike huurling in 'n wêreld tussen baas en klaas bevind het, waar hy deur baas gewantrou en deur klaas gevrees en gehaat is.⁷⁹ Die stamvader van die meeste Suid-Afrikaanse Ferreiras, Ignácio Ferreira (1695 - 1772), was byvoorbeeld aanvanklik 'n soldaat in diens van die VOC, maar het hom later opeenvolgend as kneg in diens van Nicolaas Goekelins, Anna de Koningh, Pieter Jurgen van der Heyden en die landbouer Jan Pienaar bevind, terwyl die later vermoënde Martin Melck aanvanklik ook as soldaat in diens van die VOC en daarna as kneg van Jacob Cloete werkzaam was.⁸⁰

In 'n memorandum oor sy besoek aan die Kaap in 1743, het baron G.W. van Imhoff (1705 - 1750) die nadele van slawearbeid duidelik uitgespel en die gebrek aan blanke arbeid betreur. Sy betoog het op dowe ore geval en hiermee was die lot van talle toekomstige slawe aan die

⁷⁴ W. Blommaert, Het invoeren van de slavernij aan de Kaap, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 1938 I, p. 24.

⁷⁵ D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, pp. 74 en 90.

⁷⁶ W. Blommaert, Het invoeren van de slavernij aan de Kaap, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 1938 I, p. 24.

⁷⁷ M.P. de Chavonnes en G.W. van Imhoff, *The reports of Chavonnes and his Council, and of Van Imhoff on the Cape*, pp. 26, 98, 101 en 112; Lady Duff-Gordon, *Letters from the Cape* (red. D. Fairbridge), p. 58.

⁷⁸ S.W. le Roux, *Vormgewende invloede op die ontwikkeling van moskee-argitektuur*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1992, p. 33; R. Ross, *Cape of Torments*, p. 30.

⁷⁹ S.W. le Roux, *Vormgewende invloede op die ontwikkeling van moskee-argitektuur*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1992, p. 33.

⁸⁰ O.J.O. Ferreira, Ignácio Ferreira (1695 - 1772), Portugese stamvader van 'n Afrikaner-familie, *Historia* 38(2), 1993, pp. 60 en 69; C. de Bosdari, *Cape Dutch houses and farms*, p. 68; N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 140.

suidpunt van Afrika finaal verseël.⁸¹

Wyses waarop slawe na die Kaap gekom het

1. Kompanjiegeborge slawe-ekspedisies

Soos reeds vermeld, het Jan van Riebeeck van 25 Mei 1652 tot 22 April 1654 'n lang en vrugtelose stryd met die Heeren XVII vir die invoer van slawe gevoer. Die dringende arbeids- en voedseltekort het hom genoop om sonder goedkeuring van die bewindhebbers en op eie inisiatief die galjote *De Rode Vos* en *De Tulp* na Madagaskar te stuur om rys en slawe aan te koop.⁸² Dié pogings was onsuksesvol en op 'n tweede vaart terug van Madagaskar het *De Tulp* op 2 Desember 1655 langs die noordkus van Madagaskar vergaan.⁸³ Na die positiewe besluit van die Heeren XVII om beter slaweskepe na die Kaap te stuur, het die kleiner jag, *Maria*, op 13 Julie 1657 by die Kaap aangekom, terwyl die groter jag, *Hasselt*, 'n maand later gevolg het. Op 10 September 1657 het beide dié skepe sowel as die *Robbejacht* op 'n slawevaart na Guinee vertrek. Slegs die *Hasselt* kon op 6 Mei 1658, 228 slawe wat te Popo aan die Guinese kus verhandel is, na die Kaap terugbring.⁸⁴ Hierna is die amptelike slaweïnvore van die Kaap tydelik opgeskort, aangesien die behoefte aan slawe voorlopig bevredig was. Na die amptelike hervatting van die slawehandel in 1660, was Boinabaai op Madagaskar 'n belangrike bron van slawe vir die Kaap. Tydens die belangrikste handelstransaksie met Boina in 1676 is 224 slawe daar aangekoop en deur die *Voorhout* na die Kaap gebring.⁸⁵

'n Eeu later is slawe-ekspedisies gereeld van die Kaap na hawens van Madagaskar, soos Massailly by Boina, St. Augustine, Tulear, Maningaar, Morondava, Foulpointe en Ft. Dauphin, onderneem.⁸⁶ Handelstoestande was wisselend en die teenwoordigheid of afwesigheid van mededingende Franse, Portugese, Engelse en Arabiese slawevaarders het 'n belangrike rol in die sukses van die slawevaarte gespeel. Slawe is vir reale (die gewilde Spaanse muntstuk in die sewentiende-eeuse slawehandel), vuurwapens en brandewyn geruil. Van 1724 tot 1732 is die handel met Madagaskar onderbreek terwyl die Kompanjie 'n buitepos by Delagoabaai gehad het. Delagoabaai het egter min slawe opgelewer en die handel met Madagaskar is weer in 1740 hervat.⁸⁷

Pogings van die Kompanjie om slawe van die Oos-Afrikaanse kus noord van Delagoabaai

⁸¹ M.P. de Chavonnes en G.W. van Imhoff, *The reports of Chavonnes and his Council, and of Van Imhoff on the Cape*, p. 62; Lady Duff-Gordon, *Letters from the Cape* (red. D. Fairbridge), p. 58.

⁸² H.C.V. Leibbrandt (red.), *Letters despatched from the Cape, 1652 - 1662*, I, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, p. 265.

⁸³ W. Blommaert, *Het invoeren van de slavernij aan de Kaap*, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 1938 I, p. 22.

⁸⁴ *Ibid.*, pp. 24 - 25; A.J. Böeseke (red.), *Resolusies van die Politieke Raad I, 1651 - 1669*, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 144.

⁸⁵ H.C.V. Leibbrandt (red.), *Journal, 1671 - 1674 and 1676*, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, p. 301.

⁸⁶ J.C. Armstrong, *Die slawe, 1652 - 1795*, in H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 83.

⁸⁷ *Ibid.*, p. 84.

te bekom, het slegs van 1776 tot 1786 plaasgevind en was redelik suksesvol.⁸⁸ Mosambiek, Zanzibar en die eiland Ibo het 'n belangrike rol in dié verband gespeel. Na 1786 is geen slawe-ekspedisies deur die Kompanjie uitgestuur nie. Die laaste Kompanjieslawe-ekspedisie met die *Meermin* onder bevel van kaptein Duminy het op 28 Februarie 1786 met 295 Mosambiekse slawe na die Kaap teruggekeer.⁸⁹

Slawe wat deur Kompanjiegeborgde slawe-ekspedisies na die Kaap gekom het, is hoofsaaklik in diens van die Kompanjie aangewend vir onder meer die landbou en die oprigting van vestings,⁹⁰ terwyl die vryburgers nie op hierdie bron van arbeidsvoorsiening kon reken nie. 'n Paar slawe is wel privaat deur Kompanjiesamptenare aangekoop. Hierdie private handel het sonder die medewete van die Kompanjie of die Raad van Indië plaasgevind.⁹¹

2. Verstekeling op skepe

Abraham, die eerste slaaf aan die Kaap, het as verstekeling aan boord van die *Malacca* sy weg na die Kaap gevind.⁹² As verkoopte slaaf van sy eienaar in Batavia, was hy sedert sy aankoms op 2 Maart 1653 tot en met sy vertrek na Batavia in April 1656 in diens van die Kompanjie.⁹³

'n Tweede verstekeling van wie daar sprake is, was Espagniola, 'n "swarte franse slaaf of fugitijf" wat die Kaap aan boord van die *La Maréchale* bereik en as opsigter op Robbeneiland slawediens vir die Kompanjie verrig het.⁹⁴

3. Geskenke aan die kommandeursgesin deur besoekers en vriende

Die gebruik om soms slawe as blyk van waardering aan te bied, het veral by die Franse admiraal De la Roche St. André byval gevind. Met sy eerste besoek aan die Kaap in Maart 1656, het hy 'n manslaaf aan Van Riebeeck geskenk, terwyl hy 'n jaar later twee slawekinders van Abessinië aan Maria van Riebeeck geskenk het. Tydens dié geleentheid het hy ook 'n vyfjarige slawemeisietjie namens die koning van Antongil aan die kommandeursvrou oorhandig⁹⁵ en in 1723 is drie slaweseuns deur bemiddeling van seerowers as geskenk aan die Kaapse owerhede oorhandig.⁹⁶

⁸⁸ J.C. Armstrong, Die slawe, 1652 - 1795, in H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 84.

⁸⁹ *Ibid.*, pp. 84 en 117.

⁹⁰ A.J. Böeseke (red.), Resolusies van die Politieke Raad III, 1681 - 1707, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 91.

⁹¹ J.C. Armstrong, Die slawe, 1652 - 1795, in H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 84.

⁹² A.J. Böeseke, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700*, p. 7; V. de Kock, *Those in bondage*, p. 74.

⁹³ H.C.V. Leibbrandt (red.), Letters despatched from the Cape, 1652 - 1662, II, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, p. 259.

⁹⁴ W. Blommaert, Het invoeren van de slavernij aan de Kaap, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 1938 I, p. 7.

⁹⁵ *Ibid.*, p. 6.

⁹⁶ G.C. de Wet (red.), Resolusies van die Politieke Raad VI, 1720 - 1723, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 335.

4. Buit van vreemde slaweskepe

Die eerste noemenswaardige groep slawe wat op 28 Maart 1658 by die Kaap voet aan wal gesit het nadat die skip weens 'n opkomende suidooster 'n daglank by die mond van Tafelbaai moes lê, was 174 Angolese slawe wat deur die *Amersfoort* van 'n Portugese slawevaarder aan die Brasiliaanse kus buitgemaak is.⁹⁷ In Maart 1673 is die Engelse slawevaarder, die *Johanna Catharina*, deur Conrad von Breitenbach by St. Helena buitgemaak.⁹⁸ Van die 184 slawe wat uiteindelik op 12 Maart 1673 by die Kaap aangeland het, was die meeste siek en ondervoed. Beide William Burchell⁹⁹ (1781 - 1863), reisiger, kunstenaar en skrywer, wat hom van 1810 tot 1815 aan die Kaap bevind het, en John Campbell¹⁰⁰ (1766 - 1840), direkteur van die *London Missionary Society*, wat in ongeveer dieselfde tyd twee binnelandse reise in Suid-Afrika onderneem het, het in die vroeë negentiende eeu verwys na gebuite slaweskepe waarvan die slawe van Mosambiek en Madagaskar afkomstig is en aan die Kaap as wettige pryslawe of prysnegers hulle lewe moes voortsit. Meer as tweeduisend van dié onwettige slawe was afkomstig van 27 Franse en Portugese slawevaarders wat, ná die afskaffing van die slawehandel in 1808, gedurende die Napoleontiese oorloë tussen 1806 en 1816 deur die koninklike vloot in die waters rondom die Kaap buitgemaak of onderskep is en waarvan die slawevragte aan boord as verowerde "pryse" aan die Kroon verbeurd verklaar is.¹⁰¹ Hierdie "slawe" is deur die Kaapse owerheid aan verskeie gevestigde slawe-eienaars as vakleerlinge vir 'n tydperk van veertien jaar toegewys met die ooreenkoms dat die eienaars hulle goed sou behandel, opleiding sou verskaf en in lees en die Christelike geloof sou onderrig.¹⁰² In praktyk het die vakleerlingskap op gedwonge arbeid neergekom en sou hulle posisie nie veel van die van die slawe verskil het nie. Die status en behandeling van pryslawe het wel van dié van gewone slawe verskil insoverre pryslawe in 'n proses was waardeur hulle vir vry burgerskap voorberei is.¹⁰³ Volgens die berekening van Le Roux het die pryslawe nooit meer as 4,1% tot 5,9% van die slawegetalle aan die Kaap uitgemaak nie.¹⁰⁴

5. Stranding van skepe

Hoewel die aantal slawe wat as gevolg van skipbreuk by die Kaap aangeland het beperk is, verdien die geval van Mijeje, die Malabarse slaaf, tog vermelding.¹⁰⁵ In 1713 het hy as slaaf op die skip *Bennebroek* van Ceylon vertrek. As deel van 'n vloot van vyf, het die noodlot

⁹⁷ W. Blommaert, Het invoeren van slavernij aan de Kaap, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 1938 I, p. 25; E.G. Aspeling, *The Cape Malays. An essay. By a Cape colonist*, p. 2; J.A. van Riebeeck, *Dagregister gehouden by den oppercoopman Jan Anthonisz van Riebeeck II, 1656 - 1658* (reds. D.B. Bosman en H.B. Thom), pp. 268 - 269; A.J. Böeseke (red.), Resolusies van die Politieke Raad I, 1651 - 1669, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 139.

⁹⁸ H.C.V. Leibbrandt (red.), *Journal, 1671 - 1674 and 1676, Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, p. 118.

⁹⁹ W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, p. 33.

¹⁰⁰ J. Campbell, *Travels in South Africa, undertaken at the request of the Missionary Society*, p. 21.

¹⁰¹ N. Worden, E. van Heyningen en V. Bickford-Smith, *Cape Town. The making of a city*, pp. 108 - 109.

¹⁰² J. Campbell, *Travels in South Africa, undertaken at the request of the Missionary Society*, p. 21.

¹⁰³ J.S. Marais, *The Cape Coloured people 1652 - 1937*, p. 159.

¹⁰⁴ S.W. le Roux, *Vormgewende invloed op die ontwikkeling van moskee-argitektuur*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1992, p. 42.

¹⁰⁵ G.C. de Wet (red.), Resolusies van die Politieke Raad V, 1716 - 1719, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 371.

toegeslaan toe die skip waarop hy hom bevind het, na die verlies van twee maste ten tyde van 'n storm, 'n halfmyl van die land langs die Kaapse Ooskus op die rotse geloop het. Sewe-en-dertig drenkelinge het die land bereik, maar na drie maande was hy die enigste oorlewende. Na 'n swerftog van nege maande is hy deur 'n boer, Martin Hendriksz, by die mond van die Breërivier gevind en op 20 Maart 1714 na die Kasteel in Kaapstad gebring.¹⁰⁶

6. Verkoop van slawe op retoervlote van Oos-Indië na Nederland

Volgens die Nederlandse reg was 'n slaaf op sy vryheid geregtig sodra hy in Nederland voet aan wal gesit het:

Wat de personen aangaat, zyn by ons alle menschen van geboorte vrye luyden, en is de slavernye by ons t 'eenmaal onbekent, en in ongebruik: sodanig, dat tot voorstant van de aangeboren vryheid, de Slaven en Lijf-eygenen, die van andere Wijken hier gebragt werden, so haast als sy de Grensen van onse Landen gemaken, metter daad, in weerwil van hare Heren en Meesters, voor vrye luyden verklaart werden ...¹⁰⁷

Op 15 September 1636 is 'n wet ook in Batavia uitgevaardig ingevolge waarvan amptenare verbied is om met hulle vertrek van Batavia, slawe na Europa saam te neem.¹⁰⁸ Persoonlike slawe kon wel as bediendes aan boord die seereis tot by die Kaap meemaak om daar verkoop of weer vandaar na Oos-Indië teruggestuur te word. In sommige gevalle is slawe uit Indië en Oos-Indië ook in private transaksies deur terugkerende Oos-Indiese Kompanjiesamptenare aan die Kaap verkoop.¹⁰⁹ Na 1680 het die oortog van slawe uit Batavia na die Kaap in so 'n mate toegeneem dat eienaars deur die Raad van Indië verplig was om eers verlof in dié verband te verkry. Teen 1713 moes die passaat vir elke slaaf wat van die Oos-Indiese eilande uitgevoer sou word, vooruit betaal word. Ongeoorloofde vervoer van slawe is in 'n plakkaat van 1716 verbied.¹¹⁰ Ongeag wetgewing het die gebruik op kleiner skaal voortgeduur. Tussen 1740 en 1790 het die aantal skepe wat met privaatslawe aan boord uit Batavia vertrek het, tussen 128 en 141 per dekade gewissel. Volgens Armstrong het 20 slawe per jaar op dié wyse van einaar verwissel.¹¹¹ In 1767 is 'n verbod op die invoer van Oosterse slawe na die Kaap geplaas weens hulle gevaarlike en onvoorspelbare aard, maar ook as 'n maatreël om privaathandel te beperk. Alhoewel die aantal slawe wat op dié wyse na die Kaap gekom het beperk was, is hulle bydrae tot die ekonomie en die kultuur van die Kaap uiters waardevol, aangesien hulle meesal ervare huisbediendes en geskoolde ambagslui was. Van die eerste slawe wat by wyse van 'n retoervloot vir 'n nuwe lewe aan die Kaap bestem was, was Domingo en Angela van Bengale wat albei in 1655 deur Pieter Kemp aan Jan van Riebeeck verkoop is.¹¹²

¹⁰⁶ G.C. de Wet (red.), *Resolusies van die Politieke Raad V, 1716 - 1719, Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 371; M. Turner, *Shipwrecks and salvage in South Africa, 1505 to the present*, pp. 51 - 52.

¹⁰⁷ S. van Leeuwen, *Het Rooms-Hollands-Regt*, pp. 27 - 28.

¹⁰⁸ J.A. van der Chijs (red.), *Nederlandsch-Indisch Plakkaatboek, 1602 - 1642, I*, p. 409.

¹⁰⁹ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 125; C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 33; E.G. Aspelung, *The Cape Malays. An essay. By a Cape colonist*, p. 2.

¹¹⁰ J.C. Armstrong, *Die slawe, 1652 - 1795*, in H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 85.

¹¹¹ *Ibid.*, p. 86.

¹¹² A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700*, p. 65.

7. Buitelandse slawehandelaars

Weens die voortdurende arbeidstekort aan die Kaap was buitelandse of vreemde slawevaarders onmisbaar in die voorsiening van slawe aan die Kaapse amptenare en burgers. Voor 1780 het die verkryging van slawe deur die aankoop en handel met verbyvarende slawehandelaars hoofsaaklik op die burgers en Kompanjiesamptenare betrekking gehad. Hiervoor was die toestemming van die Kompanjie nodig.

Voor 1750 het Engelse slawevaarders die belangrikste rol in die verkope van slawe aan die Kaap gespeel. Hiervan was William Deeron, die kaptein van die *John and Mary*, waarskynlik die bekendste. Tydens sy eerste besoek aan die Kaap in 1684 het hy die meerderheid van die slawe aan boord teen ongeveer 10 riksdaalders elk aan die vryburgers verkoop. Met sy tweede besoek in April 1686 het hy 34 slawe teen 'n totale bedrag van 1 950 riksdaalders verkoop, terwyl hy tydens sy laaste besoek in 1690, 23 oorwegend jong slaweseuns van Madagaskar teen 1 397 riksdaalders van die hand gesit het.¹¹³ Ander bekende Engelse slawehandelaars wat die Kaapse slawemark aantreklik gevind het, was Steven Bradley, kaptein van die *Francis*, en Richard Clover van die Engelse slawevaarder, *Amity*.¹¹⁴

Tydens die laaste dekade van die sewentiende eeu het die Deense slawevaarders meer slawe as die Engelse na die Kaap gebring. In 1688 het vier Deense skepe wat deur die Nederlanders die *Gulden Leeuw*, die *Goede Hoop*, die *Vliegende Wolf*, en die *Antoinette* genoem is, in Tafelbaai anker gegooi om 'n aantal Oosterse slawe te verkoop. In 1696 het Christiaan van Alst, die Deense skepskaptein van die *Christianus Quintus*, aan die Kaap slawe van die hand gesit.¹¹⁵ Jan Pieters Vleugel, kaptein van die *Prince Frederick*, het tydens twee besoeke aan die Kaap in 1697 en 1699 onderskeidelik twaalf en agt slawe verkoop. In dié tyd het Kornelis Krijnsz Rood ook nege slawe verkoop wat hom 560 riksdaalders in die sak gebring het, terwyl Andries Frorop agt slawe vir 412 riksdaalders van die hand gesit het.¹¹⁶ In die sewentigerjare van die agtiende eeu was private slaweverkope aan die Kaap hoofsaaklik deur Nederlandse en Franse slawevaarders op pad terug van Oos-Indië gedoen.¹¹⁷ Na 1780, met die Vierde Anglo-Nederlandse Oorlog (1780 - 1784) en die daarmee gepaardgaande ondergang van die VOC-handelsvloot, het die Franse slawehandelaars 'n toenemend belangrike rol in die Kaapse slawemark gespeel. Die VOC het 'n militêre alliansie met die Franse gesluit en 'n groot garnisoen Franse troepe het hulle aan die Kaap bevind. Die Franse militêre teenwoordigheid met die gepaardgaande koopkrag het 'n verhoogde belegging in slawe tot gevolg gehad en die kompetisie in die slawemark by die Kaapse hawe verhoog.¹¹⁸ Gegoede plattelandse boere en die stedelike patrisiërs het gekompeteer vir die Oos-Afrikaanse slawe wat hulle nou vir die eerste maal wettiglik direk van die Franse slawehandelaars kon aankoop.¹¹⁹ Na die Franse Rewolusie (1789 - 1795) is Franse handelsbande met die Kaap hernu. Tydens die Bataafse tyd het kommissaris J.A. De Mist in

¹¹³ A.J. Böeseke, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700*, pp. 70 - 71; J.L. Hattingh, 'n Ontleding van sekere aspekte van slawerny aan die Kaap in die sewentiende eeu, *Kronos* 1, 1979.

¹¹⁴ A.J. Böeseke, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700*, pp. 70 - 71.


¹¹⁵ *Ibid.*, p. 71.

¹¹⁶ *Ibid.*, p. 72.

¹¹⁷ C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 33.

¹¹⁸ R.C.-H. Shell, The tower of Babel: the slave trade and creolization at the Cape, 1652 - 1834, in E.A. Eldredge en F. Morton (reds.), *Slavery in South Africa*, p. 14.

¹¹⁹ *Loc.cit.*



Figuur 1: Afrika, Madagaskar en nabygeleë eilande as herkomsgebiede van Kaapse slawe. Oorgeneem en aangepas uit: F. Bradlow en M. Cairns, *The early Cape Muslims* (Kaapstad, 1978), p. 58.

1802 inderdaad opgemerk dat groot getalle Mosambiekse en Madagaskarse slawe deur die Franse slawehandelaars na die Kaap gebring is.¹²⁰

Alhoewel Portugese slawevaarders tydens die Kompanjiesbewind periodiek slawe aan die Kaap verkoop het, het Portugese slaweskepe eers na 1780 die Kaap op 'n gereelde basis besoek. Na die Eerste Britse Besetting in 1795, het die Britse owerhede alle Franse kontak met die Kaap verbreek wat die geleentheid aan Portugese slawevaarders gebied het om 'n uiters suksesvolle handel in slawe van die Ooskus van Afrika na die Kaap te bedryf.¹²¹ Van 1792 tot 1803 was Mosambiek die grootste voorsiener van slawe aan die Kaap.

Die meeste slawe is tydens die tydperk 1784 - 1808 na die Kaap ingevoer. Net soos die slawe op verskeie wyses na die Kaap gekom het, het hulle ook verskeie lande van herkoms verteenwoordig.

Herkoms van die Kaapse slawe

Volgens Robert Shell, kenner en navorser op die gebied van slawerny, was die Kaapse slawebevolking, wat herkoms en kultuur betref, die mees heterogene en uiteenlopende van alle aangetekende slawegemeenskappe ter wêreld.¹²² Verskeie faktore het 'n rol in die heterogene samestelling van die Kaapse slawebevolking gespeel, soos onder meer die voortdurend veranderde oseaaniese slawehandel, die opbloeï en ondergang van handelsmaatskappye, sowel as die verskuiwende kommersiële alliansies tussen stedelike handelaars en verbyvarende skeepsvaartpersoneel.¹²³ Die herkoms van slawe het ook in direkte verband tot die beskikbare slawemarkte in Afrika en die nabygeleë eilande, sowel as die Nederlandse kolonies en kontakgebiede in die Ooste gestaan. Kennis van die herkoms van die Kaapse slawe dra by tot die begrip en waardering vir die rol van die slaaf as kultuurdraer en -skepper binne die eiesoortige Suid-Afrikaanse kultuurmilieu. Die teenwoordigheid van verskillende slawenasionaliteite aan die Kaap het beslis deur akkulturasie 'n rol op sosiale, kulturele, linguïstiese en religieuse gebied ter plaatse gespeel.¹²⁴

Die vier algemene herkomsgebiede van Kaapse slawe was Afrika, Madagaskar en nabygeleë eilande; die Indiese subkontinent en Ceylon; die Indonesiese Argipel en nabygeleë eilande sowel as Suid-China en Suidoos-Asië. Die Kaap self het ook tot 'n sekere mate in sy eie slawebehoefte voorsien deur slawe wat plaaslik in slawerny gebore is.

1. Afrika, Madagaskar en nabygeleë eilande (Fig. 1)

Die eerste noemenswaardige slawegroep wat by die Kaap voet aan wal gesit het, was Wes-Afrikaanse slawe wat op 'n klandistiene wyse deur die VOC na die Kaap gebring is. Die Wes-Indiese Kompanjie het jaloers oor hulle handelsmonopolie in Wes-Afrika gewaak en alle

¹²⁰ J.A. de Mist, *Memorandum containing recommendations for the form and administration of government at the Cape of Good Hope, 1802*, p. 252.

¹²¹ R.C.-H. Shell, The tower of Babel: the slave trade and creolization at the Cape, 1652 - 1834, in E.A. Eldredge en F. Morton (reds.), *Slavery in South Africa*, p. 15; N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 43; C. Beyers, *Die Kaapse patriotte*, pp. 333 - 335.

¹²² R.C.-H. Shell, The tower of Babel: the slave trade and creolization at the Cape, 1652 - 1834, in E.A. Eldredge en F. Morton (reds.), *Slavery in South Africa*, p. 11.

¹²³ R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 40.

¹²⁴ *Loc. cit.*

versoeke om handel deur die VOC in dié gebied geweier.¹²⁵ Tydens ‘n geheime ekspedisie in 1650 na Dahomey is ‘n paar slawe na die Kaap gebring. Op 28 Maart 1658 het die *Amersfoort* 174 van ‘n aanvanklike 500 Angolese slawe, wat van ‘n Portugese slawevaarder op pad na Brasilië buitgemaak is, na die Kaap gebring. Op 6 Mei 1658 is die *Amersfoort* deur die *Hasselt* opgevolg toe dit 228 “bijsonder fraey, cloeck ende lustich” Guinese slawe na die Kaap gebring het.¹²⁶ Slegs enkele slawe van Wes-Afrika is daarna van dié gebiede na die Kaap gebring, waarvan die meerderheid heimlik deur VOC-skepe op reis na Oos-Indië by die Kaap Verdiese Eilande opgelaa is. Sao Thomé het ook enkele slawe opgelewer. Alhoewel die Guinese slawe, veral dié van Soedannese oorsprong uit Bo-Guinee, hoog aangeslaan is vir hulle liggaamskrag, werkvermoë en intelligensie, was hulle vatbaar vir siekte weens ontberings tydens onder meer skeepvaarte en koue klimaatsomstandighede, terwyl hulle ook ‘n reputasie van stugheid en onbeheerbaarheid gehad het. Meer gewild tydens Kompanjiesbeheer egter was die makliker bekombare en goedkoper Angolese slawe.¹²⁷ Hulle het die voorkeur van kommandeurs Van Riebeeck, Wagenaer sowel as Borghorst geniet. Volgens hulle was die Angolese slawe meer aanpasbaar, gewilliger, flukser en harder werkers as die ander Afrikaslawe en het daarbenewens oor ‘n sterk gestel beskik wat spoedig kon akklimatiseer.¹²⁸ Die fiskaal, Cornelis de Kretser, wat van 1666 - 1670 sekunde aan die Kaap was, het in 1670 die mening gehuldig dat beide die Angolese sowel as die Guinese slawe bekwaam en intelligenter as dié van Madagaskar en die Ooste was. Hy het daarom aanbeveel dat ‘n honderd tot honderd-en-vyftig van die Wes-Afrikaslawe vir verkoop aan die vryburgers ingevoer moet word.¹²⁹ Op 23 September 1661 het Jan van Riebeeck die dood van ‘n Guinese tuinier betreur en die uitstaande kwaliteite van die Guinese slawe as tuiniers in sy dagboek verwoord.¹³⁰

Alhoewel Angolese sowel as Guinese slawe regdeur die tydperk van slawerny aan die Kaap teenwoordig was, was hulle getalle bra laag. Volgens die bekende historikus, Anna Böeseken, het daar min van die aanvanklike besendings Wes-Afrikaslawe oorgebly, aangesien hulle sterftesyfer weens die slegte reistoestande hoog was, baie na Batavia gestuur is en ‘n aansienlike aantal weggeloop het.

Wat die ooskus van Afrika betref, is slawe na 1770 in toenemende mate van Mosambiek ingevoer. Na die Eerste Britse Besetting in 1795 het die ooskus van Afrika die belangrikste bron van slawe vir die Kaap geword. Met die tydelike inbeweeg van die Portugese slawehandelaars in die plek van die Franse, het Mosambiek die grootste slaweverskaffer tydens die laat-agtiende en vroeg-negentiende eeu geword. Mosambiekse slawe-invoere is verder verhoog deur die vryhandelstatute van 1792, die gelisensieerde slawehandel tydens die Eerste Britse Besetting, sowel as die latere hervatting van die Franse seevaarhandel.¹³¹

¹²⁵ R.C.-H. Shell, *The tower of Babel: the slave trade and creolization at the Cape, 1652 - 1834*, in E.A. Eldredge en F. Morton (reds.), *Slavery in South Africa*, p. 13.

¹²⁶ W. Blommaert, *Het invoeren van de slavernij aan de Kaap*, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 1938 I, p. 25.

¹²⁷ C.R. Boxer, *Salvador de Sá and the struggle for Brazil and Angola, 1602 - 1886*, p. 233; C.R. Boxer, *The Dutch in Brazil, 1624 - 1654*, pp. 106 en 138.

¹²⁸ A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700*, p. 28; H.C.V. Leibbrandt (ed.), *Letters despatched from the Cape, 1652 - 1662*, II, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, p. 38.

¹²⁹ K.A.B.: C. 6, Nrs 3 en 4, pp. 326 - 346: Resolusies van die Politieke Raad, 1670-03-04.

¹³⁰ J.A. van Riebeeck, *Dagregister gehouden bij den oppercoopman Jan Anthonisz van Riebeeck III, 1659 - 1662* (reds. D.B. Bosman en H.B. Thom), p. 400.

¹³¹ R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 45.

Na 1795 was daar dus 'n drastiese Afrikanisering van die Kaapse slawegroep. Van die 1 039 slawe wat tydens die Bataafse bewind na die Kaap gekom het, was 790 van Mosambiek afkomstig.¹³² Mosambiekse slawe het hoofsaaklik van Rio de la Goa (Lourenço Marques) en Sofala, 'n hawe 485 seemyl noord van Rio de la Goa (Delagoabaai), gekom. Die Mosambiekse slawe het aanvanklik nie altyd positiewe reaksie aan die Kaap ontlok nie. O.F. Mentzel (1770 - 1801),¹³³ wat tydens sy verblyf van 1733 tot 1741 aan die Kaap as Kompanjiesamptenaar en onderwyser 'n ingeligte beeld van die lewenswyse aan die Kaap gegee het, het hierdie slawe as "a foul, evil-smelling race, with villainous slits in their faces" beskryf.¹³⁴ Volgens hom moes hulle die vuilste en mees onaangename werk verrig. Goeweneur Hendrik Swellengrebel (1700 - 1760) het hulle ook as moorddadig en diefstalig bestempel.¹³⁵ In 1822 het William Bird (1758 -1836),¹³⁶ dinamiese handelaar en staatsamptenaar aan die Kaap, onder meer na dié Mosambiekse slawe as "the least valuable" van die slawe verwys,¹³⁷ terwyl die onbekende Britse skeepsoffisier en skrywer van *Gleanings in Africa*¹³⁸ tydens die vroeë negentiende eeu dié slawe onvleidend as "... distinguished ... by a jet black, and thick lips ... [with] a dull, inanimate appearance strongly stamped upon him, indicating, as it were, an inferiority of intellect" beskryf het.¹³⁹

Afgesien van bogenoemde menings is daar talle verwysings na hulle goeie geaardheid en werksvermoë. Tydens sy besoek aan die Kaap van 1781 tot 1784 het die avonturier en skrywer Francois le Vaillant (1753 - 1824) na die Mosambiekse slawe as "the best labourers and the most affectionate to their masters"¹⁴⁰ verwys. Die Amerikaansgebore Robert Semple (1777 - 1816) reisiger, sakeman en skrywer, wat van 1798 tot 1803 aan die Kaap was, het hulle as "capable of fatigue" met 'n "inoffensive and humbled countenance" beskryf.¹⁴¹ Volgens William Burchell (1781 - 1863) was hulle "faithful, patient and good servants" en uitgeknipt vir enige soort werk, veral die fisies veeleisende take.¹⁴² Die huishouding van Samuel Hudson (1764 - 1828), tot 1798 agent en persoonlike assistent van staatssekretaris Andrew Barnard, het oorwegend uit Mosambiekse slawe bestaan wat hy as kalm, vredeliewend en geduldig bestempel het. Daarbenewens het hy hulle vermoë om harde fisiese arbeid te verrig en hulle bekwaamheid as landbouarbeiders bevestig. Sy vertroue in dié slawe het hy onomwonde verklaar: "Was I permitted to make choice of slaves for a continuance in the Colony I would certainly make choice of Mozambiques for fidelity and mild disposition."¹⁴³ Sy positiewe betoeg vir die keuse van Mosambiekse slawe sluit hy egter met 'n

¹³² W. Freund, *Society and government in Dutch South Africa: the Cape and the Batavians, 1803 - 1806*, p. 249.

¹³³ W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek I*, p. 554.

¹³⁴ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 125.

¹³⁵ J.C. Armstrong, Die slawe, 1652 - 1795, in H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 89.

¹³⁶ W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek I*, p. 79.

¹³⁷ W. W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822*, p. 73.

¹³⁸ *Gleanings in Africa*, London, 1805.

¹³⁹ *Ibid.*, p. 58.

¹⁴⁰ F. le Vaillant, *Travels into the interior parts of Africa, by the way of the Cape of Good Hope; in the years 1780, 81, 82, 83, 84 and 85, I*, pp. 100 - 101.

¹⁴¹ R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope*, p. 47.

¹⁴² W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, p. 33.

¹⁴³ R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson's "Slaves", *Kronos* 9, 1984, p. 49.

waarskuwing af: "They require sharp looking after as they are generally very indolent and dirty, the worst faults belonging to a Mozambique."¹⁴⁴

Die Mosambiekse slaaf was dus 'n goedgeaarde slaaf: lojaal, vredeliewend, geduldig en verdraagsaam. Daarbenewens was hulle veelsydige arbeiders wat veral, weens hulle krag en uithouvermoë, harde fisiese arbeid en sleurwerk kon verrig.¹⁴⁵ Hulle was knap akkerbouers wat veral gedurende die tweede helfte van die agtiende eeu hulle merk in die verband aan die Kaap gemaak het. Volgens Bird was die Mosambiekse slawe sowel as dié afkomstig van Madagaskar "the hardest labourers of the field".¹⁴⁶ Dié slavinne is veral as wasvroue aangewend.

Min slawe was van Kenia aan die ooskus van Afrika afkomstig. In 'n lys van slawetransaksies wat tydens die bewind van Simon van der Stel plaasgevind het, maak Böeseken slegs van twee slawe van Mombasa in Kenia melding. Hulle was Scipio, wat op 30 Augustus 1689 aan Abraham Harvey verkoop is, en Thomé, wat op 17 Augustus 1691 die eiendom van Matthijs Michielsz geword het.¹⁴⁷

Malgassiese slawe het tydens die grootste deel van die VOC-bewind 'n aansienlike getal van die Kaapse slawebevolking verteenwoordig. 'n Paar van die vroeë Malgassiese slawe aan die Kaap was van die Baai van Antongil aan die noordkus afkomstig, terwyl meer suksesvolle slawe-ekspedisies na die Baai van St. Augustine in die suidweste 'n groter aantal slawe uit dié gebied tot gevolg gehad het.¹⁴⁸ Ankerplekke vir slaweskepe het onder meer Fort Dauphin aan die suidooskus, die Baai van Magelage aan die weskus, die Baai van Maningaar, Marantange en Morondava ingesluit.¹⁴⁹

Die eerste Malgassiese slaaf wat by die Kaap voet aan wal gesit het, was ene Anthony. Sy aankomsdatum by die Kaap is onbekend, maar 'n aantekening in die dagregister van Jan van Riebeeck op 12 Maart 1655 dui daarop dat hy reeds 'n paar dae tevore weggeloop het.¹⁵⁰ Volgens latere berigte is hy deur die Kaapmans vermoor. Die sterftesyfer onder die Malgassiese slawe was ten tye van die seereis en by hulle aankoms aan die Kaap buitengewoon hoog. Daarbenewens was die oorlewendes so swak dat 'n lang hersteltyd nodig was alvorens hulle vir arbeid geskik was.¹⁵¹ Nadat die Bataafse owerheid in 1767 'n verbod op die invoer van Oosterse manlike slawe aan boord van Nederlandse skepe na die Kaap geplaas het, het die getal Malgassiese slawe aan die Kaap gestyg.¹⁵² In 1802 het kommissaris De Mist aangedui dat 'n groot aantal Malgassiese sowel as Mosambiekse slawe aan boord van Franse slawevaarders na die Kaap gebring is.¹⁵³

¹⁴⁴ R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson's "Slaves", *Kronos* 9, 1984, p. 60.

¹⁴⁵ R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 287.

¹⁴⁶ W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822*, p. 73.

¹⁴⁷ A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700*, pp. 154 en 159.

¹⁴⁸ F.R. Bradlow en M. Cairns, *The early Cape Muslims*, p. 87.

¹⁴⁹ D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 139.

¹⁵⁰ J.A. van Riebeeck, *Dagregister gehouden by den oppercoopman Jan Anthonisz van Riebeeck I, 1651 - 1655* (reds. D.B. Bosman en H.B. Thom), pp. 294 - 295.

¹⁵¹ F.R. Bradlow en M. Cairns, *The early Cape Muslims*, p. 87.

¹⁵² *Ibid.*, p. 99.

¹⁵³ J.A. de Mist, *Memorandum containing recommendations for the form and administration of government at the Cape of Good Hope, 1802*, p. 252.

Wat die kritiek op Malgassiese slawe betref, was dit aanvanklik negatief soos blyk uit 'n brief van 1645 deur C. van der Lijn aan die Heeren XVII waarin hy die Malgassiese slawe as “seer vuyle, luyaerdige menschen” beskryf het.¹⁵⁴ In 'n brief van 1655 aan die Bataafse owerhede het Jan van Riebeeck spesifiek slawe van Bengale en Arakan aangevra, aangesien hy deur kommissaris Rijckloff van Goens (1619 - 1682) teen die slawe van Madagaskar gewaarsku is.¹⁵⁵ Van Goens het hulle as onbetroubaar, skelm en geneig tot weglopery bestempel. In een van sy laaste briewe vanaf die Kaap het Zacharias Wagenaer dié slawe as lui en lamlendig beskryf. Volgens hom was hulle onaanpasbaar en het die koue, nat Kaapse winters tot siekte en 'n hoë sterftesyfer onder dié groep slawe gelei.¹⁵⁶ Sedert 1670 het hulle reputasie egter verbeter nadat hulle hulleself as vlytige en bedrewe akkerbouers bewys het. In sy instruksies aan Jan Bax (1637 - 1678) het kommissaris Nicolaes Verburg (1620 - 1676) in Maart 1676 gereelde slawevaart na Madagaskar aanbeveel, aangesien die Malgassiese slawe die beste in die arbeidsbehoefte van die Kompanjie sou voorsien.¹⁵⁷ In 1677 het slawe van Madagaskar die Kompanjieslanderye in Hottentots-Holland aangevoer en volgens latere slawelyste van die Kompanjie het hierdie slawe in die Kompanjieslanderye sowel as in die landerye op die buiteposte gewerk.¹⁵⁸ In 1685 het kommissaris-generaal Rijckloff van Goens jr. (1642 - 1687) die bekwaamheid van die Malgassiese slawe as landbouers in die volgende verklaring bevestig: “... en wij bevinden dagelijcx dat uijt de Madagascarse slaven seer goede lantbouwers metter tijt voortcomen.”¹⁵⁹

Soos die Mosambiekse slawe, was die Malgassiese slawe dus goed geaard, arbeidsame, intelligente lojale werkers wat met hulle sterk, robuuste, growwe bou, fisiese krag en uithouvermoë veeleisende fisiese arbeid kon verrig, alhoewel hulle soms 'n geneigdheid tot luiheid en slordigheid geopenbaar het.¹⁶⁰

Die militêre alliansie wat die VOC tydens die Anglo-Nederlandse Oorlog (1780 - 1784) met die Franse gehad het, sowel as die aggressiewe vestiging van 'n suikerplantasie-kompleks in die Maskareense Eilande het slawehandel in die suidoos Atlantiese Oseaan bevorder. Gevolglik is Maskareense slawe ook deur Franse slawevaarders aan die Kaap verkoop.¹⁶¹ Tydens die laaste twee dekades van die agtiende eeu het die klein eiland Zanzibar aan die ooskus van Afrika as aanlêhawe vir slaweskepe na die Kaap gedien.

Die slawe afkomstig van Afrika, Madagaskar en die nabygeleë eilande het inderdaad aan die

¹⁵⁴ A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700*, p. 63.

¹⁵⁵ K.A.B.: C. 493, p. 435: Letters despatched, 1652 - 1700, 1655-07-05, soos aangehaal in A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700*, p. 6.

¹⁵⁶ A.J. Böeseken (red.), Dagregister en briewe van Zacharias Wagenaer: 1662 - 1666, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Belangrike Kaapse Dokumente II*, p. 348.

¹⁵⁷ A.J. Böeseken (red.), Memoriën en Instructiën, 1657 - 1699, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Belangrike Kaapse Dokumente I*, p. 123.

¹⁵⁸ J.C. Armstrong, Die slawe, 1652 - 1795, in H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 89.

¹⁵⁹ K.A.B.: VC. 36, p. 439: Reports of Commissioners: 1657 - 1764.

¹⁶⁰ R.J. Barendse, Slaving on the Madagascar coast, 1640 - 1700, in S. Evers en M. Spindler (reds.), *Cultures of Madagascar: ebb and flow of influences*, p. 6; V.M. Golovnin, *Detained in Simon's Bay* (red. O.H. Spohr), p. 60; W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, p. 33; R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 287; A. Hulshof (red.), H.A. Van Reede tot Drakenstein, *journaal van zijn verblijf aan de Kaap, 1685, Bijdragen en Mededeelingen van het Historisch Genootschap Utrecht 62*, 1941, p. 238.

¹⁶¹ R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 45.

vereistes van harde, veeleisende en volgehoue fisiese arbeid wat aan die Kaap nodig was, voldoen. Beide kommissaris H.A. van Rheede¹⁶² (1636 - 1691) en Sibrand Abbema¹⁶³ (1637- 1684) was in die sewentiende eeu deur hulle fisieke krag, deursettingsvermoë, flyt en opleibaarheid beïndruk. Hulle goeie geaardheid en gebrek aan wraaksug het hulle 'n goeie keuse as slawe gemaak. Alhoewel die Malgassiese slawe een vir een of in klein groepies aan boord van Engelse en Deense slawevaarders by die Kaap voet aan wal gesit het, was die Oosterse slawe nogtans teen die einde van die sewentiende eeu in die meerderheid.¹⁶⁴ Tot die middel van die agtiende eeu was slawehandel met die ooskus van Afrika onvoorspelbaar en gevaarlik. Dit het daartoe bygedra dat slawe van die VOC-gebiede in die Ooste teen 1731 alle ander slawe aan die Kaap getalsgewys oortref het. Hierdie tendens is tot in 1780 met die ineenstorting van die VOC-seevaarhandel voortgesit.¹⁶⁵

Weens die uitgebreide invloedssfeer van Nederland as sterk koloniale moondheid in die Ooste, verteenwoordig die Indiese subkontinent en Ceylon, die Indonesiese Argipel en nabygeleë eilande sowel as Suid-China by implikasie belangrike herkomsgebiede van Kaapse slawe (Fig. 2).

2. Indiese subkontinent en Ceylon (Sri Lanka)

Die eerste groep Indiese slawe het op 23 Maart 1677 vanaf Tuticorin aan die Koromandelkus by die Kaap voet aan wal gesit.¹⁶⁶ Hulle getalle het toegeneem, want volgens Böeseke het 657 slawe gedurende die sewentiende eeu die Indiese element aan die Kaap verteenwoordig. Dit het 67% van die totale aangetekende slawebevolking aan die Kaap behels.¹⁶⁷ Gedurende die eerste dekades van die agtiende eeu was die getalle Indiërs slawe, veral vanaf Bengale en Malabar, relatief hoog. Daarna het dit drasties afgeneem. Deense Kompanjieskepe het op 'n deurlopende basis slawe vanaf Tranquebar in Indië na die Kaap gebring. Uit die navorsing van Le Roux blyk dit dat meer as 54% Oosterse slawe vanaf Indië en Ceylon afkomstig was.¹⁶⁸ Die suidoos- sowel as suidwes-kus van Indië het 'n groot rol in slawevoorsiening aan die Kaap gespeel. Die ooskus van Indië het byna 15% van Oosterse slawe aan die Kaap voorsien.¹⁶⁹ Plekke van herkoms langs die Koromandelkus (ooskus) het onder meer Masulipatnam, Palicatte, Pondicherry, Tranquebar, Negapatnam, Tuticorin en Madras ingesluit. Wat die Malabarkus (weskus) betref was Goa, Kalikoet en Cochin van belang. Malabar was veral vir die Nederlandse slawehandelaars 'n belangrike slawebron. Net meer as 14% Oosterse slawe het van dié kus gekom.¹⁷⁰ In die noordweste het Cambay, Surat

¹⁶² A. Hulshof (red.), H.A. van Reede tot Drakenstein, journaal van zijn verblijf aan de Kaap, 1685, *Bijdragen en Mededeelingen van het Historisch Genootschap Utrecht* 62, 1941, p. 238.

¹⁶³ A.J. Böeseke (red.), *Memoriën en Instructiën, 1657 - 1699, Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Belangrike Kaapse Dokumente I*, p. 144.

¹⁶⁴ A.J. Böeseke, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700*, pp. 74 - 75.

¹⁶⁵ R.C.-H. Shell, The tower of Babel: the slave trade and creolization at the Cape, 1652 - 1834, in E.A. Eldredge en F. Morton (reds.), *Slavery in South Africa*, p. 13.

¹⁶⁶ A.J. Böeseke (red.), *Resolusies van die Politieke Raad II, 1670 - 1680, Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, pp. 180 - 181.

¹⁶⁷ A.J. Böeseke, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700*, pp. 74 - 75.

¹⁶⁸ S.W. le Roux, *Vormgewende invloede op die ontwikkeling van moskee-argitektuur*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1992, p. 112.

¹⁶⁹ *Loc. cit.*

¹⁷⁰ S.W. le Roux, *Vormgewende invloede op die ontwikkeling van moskee-argitektuur*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1992, p. 112.

en Bombaai plekke van slaweherkoms verteenwoordig, terwyl Bengale in Noordoos-Indië 'n belangrike bron van Kaapse slawe was. Bengalese is veral tydens die eerste helfte van die agtiende eeu deur Britse slawevaarders na die Kaap gebring. Bengale het net meer as 20% Oosterse slawe vir die Kaap opgelewer.¹⁷¹ Dit was veral Arakan aan die kus van die noordoostelike Baai van Bengale wat 'n bron van goedkoop arbeid was. Na 1645 het die slawevoorraad van Arakan egter afgeneem. Talle besoekers aan die Kaap het die goeie karaktereenskappe en werkskwaliteite van die Indiërs slawe aan die Kaap besing. Teen die einde van die agtiende eeu het kaptein Robert Percival (1765 - 1826), wat aan die Eerste Britse Besetting deelgeneem het, die volgende positiewe beskrywing van die slawe van Bengale en Malabar gegee:

Faithful, mild and submissive in their dispositions; never requiring ill-treatment or blows to stimulate them in their duty ... both the males and females are employed as cooks, butlers and household servants; and as their mild, peaceable and gentle dispositions is so well-known no fears are entertained of their committing any sanguinary outrage.¹⁷²

Hy het hulle voorts as "humble, submissive, willing to do whatever lies in their power, fearful of offending and grateful for favours ..." besing.¹⁷³

Robert Semple, 'n tydgenoot van Percival, het die skadelose inboorlinge van die Malabarkus op die Indiese subkontinent as die beste van die huishoudelike slawe bestempel, aangesien hulle meer intelligent, produktief en ook flukser as die Mosambiekse slawe was. Wat geaardheid betref, was dié slawe volgens hom meer gehoorsaam en innemend as die Maleierslawe, terwyl hulle ook 'n lewenslustige tog stabiele en gelykmatige geaardheid gehad het. Hulle was voorts maklik opleibaar, het goeie maniere gehad en het nie 'n neiging tot geweldadige opstand geopenbaar nie.¹⁷⁴ Die Malabarse slavin was volgens hom saggeaard en minsaam, terwyl geen geweld nodig was om haar tot ywer aan te spoor nie. 'n Dreigement het haar met groot angs vervul, terwyl sy die belange van haar eenaar en sy familie met toewyding gedien het.¹⁷⁵ Die slawe van die Koromandelkus, Bengale en Surat was baie gewild en in groot aanvraag by die Kaapse huishoudings, aangesien hulle hulleself as knap naaldwerksters onderskei het. "[T]hey take a pride in fine needlework, knitting and crocheting and are very fond of hand-made lace",¹⁷⁶ aldus Mentzel.

Op die eiland Ceylon (Sri Lanka), wat suidwes van Indië geleë is, het onder meer Colombo, Galle, Jafanapatnam en Trincomali plekke van herkoms verteenwoordig. In die vroeë agtiende eeu tydens sy reise in die Ooste het Abraham Bogaert (1663 - 1727),¹⁷⁷ skeepsdokter in diens van die VOC, melding gemaak van die behendigheid van die Ceylonse inwoners en hulle beskryf as "overkünstig in allerlei handwerken ...",¹⁷⁸ 'n arbeidskwaliteit

¹⁷¹ S.W. le Roux, *Vormgewende invloede op die ontwikkeling van moskee-argitektuur*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1992, p. 112.

¹⁷² R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, pp. 386 - 297.

¹⁷³ *Ibid.*, p. 297.

¹⁷⁴ R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope*, pp. 49 - 50.

¹⁷⁵ *Ibid.*, pp. 52 - 53.

¹⁷⁶ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, pp. 125 - 126.

¹⁷⁷ C.J. Beyers en D.W. Krüger (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek III*, p. 79.

¹⁷⁸ A. Bogaert, *Historische reizen door d 'oostersche deelen van Asia II*, p. 336.

wat aan die Kaap nuttig te pas sou kom. Wat religie betref, het ongeveer die helfte van die inwoners van die Malabarkus tot die Moslemgeloof behoort, terwyl die slawe van Ceylon hoofsaaklik uit 'n Boeddhistiese religieuse milieu afkomstig was.¹⁷⁹ Hierdie slawe kon ook die Maleise taal praat. Slawe van Ceylon het 4.43% van Oosterse slawe aan die Kaap verteenwoordig.¹⁸⁰

3. *Indonesiese Argipel en nabygeleë eilande*

Gedurende die sewentiende eeu en vir die daaropvolgende driehonderd jaar was Oos-Indië deel van die Nederlandse koloniale ryk in die Ooste. Die Nederlandse beheer in die Indonesiese Argipel sou dit 'n ideale slawehandelsbasis vir die verkryging van slawe vir die Kaap maak.¹⁸¹ Die eerste groot groep Oosterse slawe het in 1673 vanaf die eilande Roti en Timor, wat oos van Java geleë is, gekom.¹⁸² Volgens Böeseken was daar teen die einde van die sewentiende eeu ongeveer 160 Oos-Indiese slawe aan die Kaap.¹⁸³ Volgens Le Roux was 19% Oosterse slawe uit die suide van Celebes afkomstig, 13% vanaf Java en Batavia en die res vanaf Bali tot by Ternate in die Molukke. In totaal het 43% Oosterse slawe van die Indonesiese Argipel gekom.¹⁸⁴ Die Groot Sunda-eilandkompleks sluit die vier groot eilande Java, Sumatra, Celebes en die grootste deel van Borneo in. Op die eiland Java was Batavia die hoofstad, sowel as die invloedskern van Nederlands Oos-Indië en die Kaap. Slawe wat vir die Kaap bestem was, het onder meer van Cheribon, Tegal, Semarang, Rembang en Soerabaya gekom. Plekke van herkoms op die eiland Sumatra het Menangkaboe, Padang, Djambi, Soekadana en Medan ingesluit, terwyl sommige slawe van Celebes van Sappeng, Menado en Makassar afkomstig was. J.S. Stavorinus (1739 - 1788)¹⁸⁵ het opgemerk dat Makassar juis ten opsigte van die verskaffing van rys en slawe vir die Kompanjie van belang was.¹⁸⁶

Eilande van herkoms in die Klein Sunda-kompleks is Madura, Bali, Sumbawa, Solor, Alor, Timor, Roti, Seram, Sateier, Boeton, Rama en Nias. Nog bronne van slaweherkoms was die eilande Ambon en Banda, terwyl slawe ook van Tidore en Ternate op die Molukke en van Endeh en Mangerai op die eiland Flores afkomstig was. Op Malakka (Maleisiese skiereiland) was Patani 'n belangrike slaweafsetgebied. Die relatief kleiner eilandjies, soos Bali, Nias en Timor, het gesamentlik soveel slawe as die groter Sumatra, Celebes ensovoorts aan die Kaap gelewer. Op die eiland Bali was Boeddisme/Hindoeïsme die sterkste godsdienis en nie die Islam nie. Die Balinese slawe was die Maleise taal magtig wat moontlik 'n rol in hulle bekering tot Islam aan die Kaap kon gespeel het.¹⁸⁷

¹⁷⁹ F.R. Bradlow en M. Cairns, *The early Cape Muslims*, p. 89.

¹⁸⁰ S.W. le Roux, *Vormgewende invloed op die ontwikkeling van moskee-argitektuur*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1992, p. 112.

¹⁸¹ F.R. Bradlow en M. Cairns, *The early Cape Muslims*, p. 89.

¹⁸² S.W. le Roux, *Vormgewende invloed op die ontwikkeling van moskee-argitektuur*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1992, p. 109.

¹⁸³ A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700*, p. 75.

¹⁸⁴ S.W. le Roux, *Vormgewende invloed op die ontwikkeling van moskee-argitektuur*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1992, p. 109.

¹⁸⁵ *A South African bibliography to the year 1925*, IV, p. 385.

¹⁸⁶ J.S. Stavorinus, *Reize van Zeeland over de Kaap de Goede Hoop, naar Batavia, Bantam, Bengalen, enz. gedaan in de jaaren MDCCLXVIII tot MDCCLXXI, I*, pp. 273 - 274.

¹⁸⁷ F.R. Bradlow en M. Cairns, *The early Cape Muslims*, p. 48.

Van die sestiende tot negentiende eeu is daar telkens in dagboeke, reisbeskrywings en amptelike dokumente na die Oos-Indiese slawe as “Maleiers” verwys. In wese was dit ‘n generiese term vir slawe afkomstig van die Indonesiese Argipel wat die Moslemgeloof aldaar beoefen het.¹⁸⁸ Die term “Maleier” staan oorwegend in verband met die *lingua franca*, Maleis, wat deur die wye verskeidenheid inwoners van die omvangryke Indonesiese of Suidelike Maleise Argipel gepraat is. Die vereenvoudigde vorm van Maleis was die algemene handelstaal van Madagaskar tot by die Indonesiese en Oosterse kusstreke tot sover as die afgeleë eilande van Mikronesië en Melanesië,¹⁸⁹ terwyl dit aanvanklik ook die algemene kommunikasietaal was van die verskillende Oosterse slawe wat na die Kaap gebring is.¹⁹⁰ Die term “Javaan”¹⁹¹ is veral vroeër vir dié slawe gebruik, terwyl die term “Maleier” in toenemende mate aan die Kaap gebruik is.¹⁹² Die term Maleier is ook met ras, geloof en klas verwar of gelyk gestel, terwyl daar soms na alle vryswartes as “Maleiers” verwys is.¹⁹³ Vandag verwerp die plaaslike Moslems die term “Kaapse Maleier,” aangesien dit ‘n rassekonnotasie het en verkies hulle die term “Kaapse Moslem”.¹⁹⁴ In die sewentiende en agtiende eeu is na ‘n sekere groep Oos-Indiese slawe as “Boegies” verwys.¹⁹⁵ Hierdie knap handvaardige, maar ook sogenaamde gevaarlike Boeginese slawe was van die suidwestelike deel van die eiland Celebes, wat na 1700 ‘n belangrike bron van Kaapse slawe geword het, afkomstig. Die Boeginese wat tot die Moslemgeloof behoort het, was, afgesien van handwerkers in hulle land van herkoms, ook skeepvaarders en handelaars wat onder meer handel in speserye, seekomkommer, klapperolie, skilpad, perlemoen en bowenal slawe gedryf het.¹⁹⁶

‘n Duidelike beeld van die voorkoms, aard en werkskwaliteite van dié Oosterse slawe word in die dagboeke en reisbeskrywings van reisigers en besoekers aan die Kaap gegee. Wat voorkoms betref, was hierdie slawe aantreklik met blink, swart hare en ‘n gelerige of koper gelaatskleur.¹⁹⁷ Volgens die besoekers en reisigers was hulle intelligent¹⁹⁸ en het hulleself as

¹⁸⁸ D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 166.

¹⁸⁹ F.R. Bradlow en M. Cairns, *The early Cape Muslims*, p. 84; B.H.M. Vlekke, *Nusantara. A history of the East Indian archipelago*, p. 174.

¹⁹⁰ A. Davids, *The early Muslims at the Cape*, p. 1.

¹⁹¹ P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschrijving van de Kaap de Goede Hoop II*, p. 150.

¹⁹² A. Davids, *The early Muslims at the Cape*, p. 1.

¹⁹³ S.W. le Roux, *Vormgewende invloed op die ontwikkeling van die moskee-argitektuur*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1992, p. 107.

¹⁹⁴ *Loc. cit.*

¹⁹⁵ A. Davids, *The early Muslims at the Cape*, p. 2; S.A. Rochlin, A forgotten name for the Cape Malays, *Bantu Studies* 8, 1934, pp. 95 - 97; R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson’s “Slaves”, *Kronos* 9, 1984, pp. 46 en 51; A. Sparrman, *A voyage to the Cape of Good Hope ... 1772 - 1776, II* (red. V.S. Forbes), pp. 258 - 259; F. le Vaillant, *Travels into the interior parts of Africa, by the way of the Cape of Good Hope; in the years 1780, 81, 82, 83, 84, and 85, I*, p. 103; O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, pp. 109 - 110.

¹⁹⁶ A. Davids, *The early Muslims at the Cape*, p. 2; J. van Goor, *De Nederlandse koloniën*, pp. 77 - 78.

¹⁹⁷ W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, p. 32; R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope*, p. 47.

¹⁹⁸ W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, p. 32; F. le Vaillant, *Travels into the interior parts of Africa, by the way of the Cape of Good Hope; in years 1780, 81, 82, 83, 84 and 85, I*, p. 101; W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822*, p. 73; *Gleanings in Africa*, p. 58.

flukse en produktiewe arbeiders,¹⁹⁹ talentvolle en veelsydige ambagslui,²⁰⁰ sowel as goeie, eerlike, getroue en betroubare bediendes²⁰¹ onderskei. In dieselfde asem is van hulle haatdraendheid, bloeddorstige en wrede wraaksug, gewelddadigheid, onverskrokkenheid en wispelturigheid melding gemaak.²⁰² Terwyl sy in 1798 die meerderheid Kaapse slawe as apaties en tevrede met hulle lot ervaar het, het lady Anne Barnard die Maleierslawe uitgesonder, aangesien “their sense of resentment leads to revenge in all its extent”.²⁰³ Onreg wat teen ‘n Maleierslaaf gepleeg is, is soms met die wreedste en gewelddadigste moorde op hulle skuldige meesters, meesteresse of medeslawe gewreek.²⁰⁴ In dié opsig het die skrikwekkende, geweldadige “amok-hardloop”, wat ook in Batavia ‘n algemene verskynsel was, die Kapenaars met groot afgryse en vrees vervul.²⁰⁵ ‘n Verontregte slaaf sou in ‘n staat van beserktheid en moorddadige raserny die Kaapse strate met ‘n vreesaanjaende “amok-amok”-geskreeu afstorm en almal wat sy pad kruis voor die voet met korthefmesse of krisse kap, steek en sny. Vir die gebelgde Maleierslaaf was amok-hardloop ‘n eerbare manier om selfmoord te pleeg, die enigste opsie om van sy onbenydenswaardige lot en wanhoop te ontsnap en die mees heroïese poging om hom op die mensdom te wreek. Bepaalde groepe van die Oos-Indiese slawe is veral as sondebokke in bogenoemde verband uitgesonder. Op 7 November 1657 het J. Maetsuyker (1606 - 1678)²⁰⁶ in ‘n brief aan die VOC na die slawe van die eiland Roti as “van boos en moordadech naturel”²⁰⁷ verwys. Tydens ‘n tragiese insident in 1750 was ‘n amok-hardloper vir die dood van agtien Kaapstadse inwoners verantwoordelik.²⁰⁸ Beide Semple en Percival het breedvoerige beskrywings van “amok-hardloop” deur Maleiers aan die Kaap gegee.²⁰⁹ Die Boeginese slawe wat van Makassar op die eiland Celebes afkomstig was, was veral vir hulle gewelddadigheid, bloeddorstigheid, wreedheid, wraaklustigheid en rebelsheid berug. In die *Memoriën en Instructiën, 1657 - 1699* het kommissaris Hendrik Adriaan van Rheede (1636 - 1691) alreeds

¹⁹⁹ J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798*, I, p. 46; R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 291; W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, p. 32.

²⁰⁰ R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope*, p. 48.

²⁰¹ W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, p. 32.

²⁰² J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798*, I, p. 46; R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope*, pp. 47 - 48; R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, pp. 288 - 290; R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson’s “Slaves”, *Kronos* 9, 1984, p. 49; *Gleanings in Africa*, p. 59; W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, p. 32; J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798*, I, p. 46.

²⁰³ Lady Anne Barnard, *The Cape journals of lady Anne Barnard 1797 - 1798* (red. A.M.L. Robinson e.a.), p. 424.

²⁰⁴ H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in they years 1803, 1804, 1805 and 1806*, II, p. 196; A.M. Hugo, *The Cape vernacular*, p. 17; F. le Vaillant, *Travels into the interior parts of Africa, by the way of the Cape of Good Hope; in the years 1780, 81, 82, 83, 84 and 85*, I, p. 101; R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 297.

²⁰⁵ B.H.M. Vlekke, *Nusantara. A history of the East Indian archipelago*, p. 175; Mrs. Kindersley, *Letters from the Island of Teneriffe, Brazil, the Cape of Good Hope, and the East Indies*, p. 67; R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson’s “Slaves”, *Kronos* 9, 1984, p. 49; Lady Anne Barnard, *The Cape journals of lady Anne Barnard 1797 - 1798* (red. A.M.L. Robinson e.a.), p. 300.

²⁰⁶ C.J. Beyers en D.W. Krüger (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek III*, p. 575.

²⁰⁷ W. Ph. Coolhaas (red.), *Generale Missiven, Rijks Geschiedkundige Publicatiën III, 1655 - 1674, J. Maetsuyker aan die Heeren XVII*, p. 270.

²⁰⁸ V. de Kock, *Those in bondage*, pp. 195 - 196.

²⁰⁹ R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope*, p. 48; R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 289.

met sy besoek in 1685 aan die Kaap aan goewerneur Simon van der Stel (1639 - 1712) opdrag gegee dat die slawe van Java en Makassar, wat hy as “hardtnekkighe natien” beskryf het, apart van die ander slawe gehou moet word “om haar het quaatdoen te beletten”.²¹⁰ Volgens Peter Kolbe (1675 - 1727), wat van 1705 tot 1713 in Kaapstad woonagtig was, was die slawe van Makassar en Java “zeer bedrieglyk”.²¹¹ In 1798 tydens sy reise in die Ooste, het Stavorinus dié negatiewe karaktertrek van die Boeginese slawe belig: “Bijzonder maaken de slaven die van het Eiland Celebes, of Makassar kom, en wel voornamelijk de Bokaneezen, [Boeginese] zich aan gruwelijke moorden schuldig; ook behooren de meeste Amok spuwers tot die natie.”²¹² Beide Mentzel en Sparrman het van die wraaksug van die Boeginese melding gemaak en bygevoeg dat, alhoewel daar ‘n verbod op invoere van dié slawe na die Kaap was, dit nogtans klandestien plaasgevind het.²¹³ Hierdie verbod, wat in 1757 in Batavia ingestel is, was vanaf 1767 ook aan die Kaap geldig.²¹⁴ Juis vanweë die vrees en verskrikking van ‘n Boeginese komplot, is die doodsvonnis oor die vyftigjarige September, leier en dokter van die Boeginese in Kaapstad, voltrek.²¹⁵

Die Oos-Indiese slawe het ook bepaalde gewoontes gehad wat vir die Kapenaars aanstootlik was, soos die kou van ‘n mengsel van stukkies areka-neut, betelneutblare en skulpkalk waarna die rooi-getinte kousels ewe ongeërg uitgespoeg is.²¹⁶ Hierdie gewoonte, wat sy oorsprong in Indonesië het en ook in Batavia aan die orde van die dag was, het die tande rooibruin gevlek en die lippe ‘n swart kleur gegee. Lady Anne Barnard het dié kousel as ‘n soort bitter wortel beskryf, “which [the Malay] cast eat as a stomatic”.²¹⁷ Daarbenewens het hierdie slawe ook hulle hare met klapperolie gesmeer wat met verloop van tyd ‘n onaangename reuk tot gevolg gehad het. Afgesien van bepaalde negatiewe karaktereenskappe en eienaardige gewoontes, was die Oos-Indiese slawe kleurryke persone wie se koms na die Kaap ‘n belangrike rol in die akkulturasieproses aan die Kaap gespeel het, veral met betrekking tot algemene lewenswyse, godsdiens, taal, musiek, die eetkultuur, ambagskultuur, die visserskultuur sowel as die kleinhandelskultuur. Alhoewel daar weens die heterogeniteit en geografiese verspreiding van die slawebevolking aan die Kaap min sprake van ‘n tipiese slawekultuur was, sou die Islam veral onder die Oos-Indiese en Indiese slawe ‘n rol in die vestiging van ‘n eie slawekultuur in veral die stedelike gebied speel.

4. Suid-China, Suidoos-Asië, Filippyne en Japan

Aan die begin van die nedersetting aan die Kaap was Jan van Riebeeck reeds onder die indruk van die hardwerkende Chinese. Enkeles van hulle het die Kaap as bandiete bereik en

²¹⁰ A.J. Böeseken (red.), *Memorien en Instructiën, 1657 - 1699, Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Belangrike Kaapse Dokumente I*, p. 217.

²¹¹ P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II*, p. 150.

²¹² J.S. Stavorinus, *Reize van Zeeland over de Kaap de Goede Hoop, naar Batavia, Bantam, Bengalen enz. gedaan in de jaaren MDCCLXVIII tot MDCCLXXI, I*, p. 236.

²¹³ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 150; A. Sparrman, *A voyage to the Cape of Good Hope ... 1772 - 1776, II* (red. V.S. Forbes), pp. 258 - 259.

²¹⁴ A.J. Böeseken (red.), *Resolusies van die Politieke Raad II, 1670 - 1680, Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 220; P. van Dam, *Beschryvinge van de Oost-indische Compagnie III* (red. F.W. Stapel e.a.), p. 203.

²¹⁵ R. Ross, *Cape of Torments*, pp. 19 - 20.

²¹⁶ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 131; B.H.M. Vlekke, *Nusantara. A history of the East Indian archipelago*, p. 170.

²¹⁷ Lady Anne Barnard, *The Cape journals of lady Anne Barnard 1797 - 1798* (red. A.M.L. Robinson e.a.), p. 276.



Figuur 3: 'n Kaapse slawemeisie, volgens 'n afbeelding deur lady Anne Barnard (1750 - 1825), eerste dame aan die Kaap gedurende die Eerste Britse Besetting (1795 - 1803), wat ook 'n talentvolle amateurkunsenaar en intelligente en simpatieke waarnemer van die Kaapse inwoners en milieu was. *Halfslag* Kaapsgebore slavinne was die mees bevoorregte slawegroep in die Kaapse huishoudings.

Uit: A.M.L. Robinson (red.), *The letters of lady Anne Barnard to Henry Dundas from the Cape and elsewhere, 1793 - 1803* (Kaapstad, 1978), p. 148.



Figuur 4: 'n Kaapsgebore slaaf. Hy was deel van 'n slawegroep wat weens aard, aanleg en arbeidskwaliteite, besonder waardevol en in groot aanvraag by voornemende eienaars was wat astronomiese bedrae sou betaal om van hulle te bekom.

Uit: A.M.L. Robinson (red.) *The letters of lady Anne Barnard to Henry Dundas from the Cape and elsewhere, 1793 - 1803* (Kaapstad, 1978), p. 148.

nes die slawe onbetaalde arbeid in diens van die Kompanjie verrig. In die *Transporten en Scheepenkennis, 1686 - 1687* word op 13 Mei 1686 van ses Chinese slawe van Macau melding gemaak.²¹⁸ Wat Suidoos-Asië betref, kon slegs een transaksie, waarby die slavin Lijsbeth van Tonkin betrokke was, in die *Transporten en Scheepenkennis, 1652 - 1700* opgespoor word.²¹⁹ Die slawe afkomstig van die Filippyne was in die minderheid en moeilik opspoorbaar. Armstrong konstateer dat Kaapse slawe ook vandaar afkomstig was.²²⁰ Die Filippyne was inderdaad binne die invloedseer van die VOC geleë. Alhoewel die eilandjie Decima wat deel van Japan was, volgens Stavorinus as een van die voordeligste handelstakke van die VOC in die Ooste gereken is,²²¹ is die aantal Japannese slawe wat na Kaap gekom het gering en inligting oor hulle aard onbekend. Volgens Armstrong was daar wel Japannese slawe aan die Kaap,²²² terwyl A.J. Böeseken van Anthoni de Later van Japan melding maak wat op 14 April 1670 'n versoek aan Salomon Swerus gerig het om namens hom ongeveer sestig gulden van die Heeren XVII te Amsterdam op te eis.²²³

5. Kaapsgebore slawe

Die term "van de Caap/Kaap" het gewoonlik die noemnaam van hierdie slawegroep, wat aan die Kaap gebore is en van wie een of beide ouers slawe was, vergesel. Die voorkoms, (Fig. 3 & 4) aard en kwaliteite van dié slawe is in 'n groot mate deur die verbintnisse waaruit hulle gebore is, bepaal. So was daar verbintnisse tussen slawe onderling, gemengde verbintnisse tussen slavinne en Europeërmans, slavinne en die plaaslike Khoikhoimans, slawemans en Europeërvroue sowel as slawemans en die plaaslike Khoikhoivroue. Aan die Kaap is huwelike waarby slawe betrokke was nie deur die reg erken nie, aangesien dit onversoenbaar met slawerny was.²²⁴ Alle kinders wat uit 'n slavin gebore is, was self ook slawe en die eiendom van die slavin se eienaar, hetsy die Kompanjie of 'n privaateienaar.²²⁵ Die kinders van slawemans was dus vry indien die moeder nie ook 'n slavin was nie.

Teen die middel van die agtiende eeu het Mentzel na die Kaapsgebore slawe uit verbintnisse waarby blanke Europeërmans betrokke was, verwys: "Three or four generations of this admixture ... have produced a half-caste population – a mestizzo class – but a light shade darker than some Europeans."²²⁶ Samuel Hudson het opgemerk dat "[t]he mixture of

²¹⁸ Aktekantoor, Kaapstad: *Transporten en Scheepenkennis, 1686 - 1687*, XV, 1686-05-13.

²¹⁹ Aktekantoor, Kaapstad: *Transporten en Scheepenkennis, 1691 - 1692*, XVII, p. 78, 1692-06-17.

²²⁰ J.C. Armstrong, *Die slawe, 1652 - 1795*, in H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 85.

²²¹ J.S. Stavorinus, *Reize van Zeeland over de Kaap de Goede Hoop, naar Batavia, Bantam, Bengalen, enz. gedaan in de jaaren MDCCLXVIII tot MDCCLXXI*, I, p. 278.

²²² J.C. Armstrong, *Die slawe, 1652 - 1795*, in H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 88.

²²³ A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700*, p. 128.

²²⁴ N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 95; H.M. Wright, *The burden of the present; liberal-radical controversy over South African history*, pp. 15 - 16; W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa*, I, pp. 33 - 34; J. Campbell, *Travels in South Africa, undertaken at the request of the Missionary Society*, p. 5; W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822*, pp. 74 - 75.

²²⁵ R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope*, p. 39; C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 34.

²²⁶ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 125.

Europeans with the slave girls of the Colony has produced a race perfectly white ... ”²²⁷

Uit die waarnemings van besoekers en reisigers blyk dit dat hierdie Kaapsgebore slawe die gewildste slawe aan die Kaap was en dat hulle weens hulle positiewe fisiese-, karakter- en werkskwaliteite die voorkeur van hulle meesters en meesteresse geniet het. Volgens Francois le Vaillant (1753 - 1824), Franse reisiger-avonturier wat die Kaap van 1780 tot 1784 besoek het, was hierdie “kreoolse” Kaapsgebore slawe “the most esteemed”,²²⁸ terwyl William Bird hulle as die “most valuable class of slaves” beskryf het,²²⁹ en Percival hulle gewildheid en waarde klinkklaar opgesom het: “The slaves of colour, called in general Mulattoes, are the offspring of the whites with slave women. These are esteemed the first and best class, and a far greater value is set on them than any others.”²³⁰ Terwyl Samuel Hudson self voorkeur aan Mosambiekse slawe in sy huishouding gegee het, moes hy erken dat hierdie slawe “a race ... in high esteem” is.²³¹ Sterk onder die indruk van die aantreklike voorkoms en aard van die halfslag Kaapsgebore slawe, het Bird die mans as werksaam en energiek, skerpsinnig en met ‘n goeie fisiese voorkoms beskryf, terwyl hy die vrouens as aan die kleinerige kant met ‘n neiging tot vol borste, goeie liggaamsverhoudinge, ivoorwit tande, gitswart hare en oë en as deftig met ‘n liefde vir mooi klere beskryf.²³²

Die Kaapsgebore slawe van Europese afkoms het bevoorregte arbeids- sowel as vertrouensposisies in die huishoudings van hulle meesters en meesteresse bekleed. Die mans was die huisknegte, deurknegte, tafelbediendes, livreiknegte sowel as lyfbediendes van tydelike besoekers aan huis van hulle meesters, terwyl die slavinne die kamerbediendes en vertrouelinge van hulle meesteresse was.²³³ As gunsteling slawe het hulle in so ‘n mate voorkeurbehandeling geniet²³⁴ dat daar selfs van bedorwenheid en ongesonde familiariteit sprake was.²³⁵ Vir die eienaars was dit ‘n saak van eer om dié slawe nie te verkoop nie en hulle in die huishouding waarbinne hulle gebore is, te hou.²³⁶ As sodanig het min van dié huisgebore slawe die Kaapse slawemark bereik.

‘n Ander groepering van Kaapsgebore slawe was die “baster-hottentotte” wat uit verhoudings tussen slaaf en Khoikhoi gebore is. Daar was ‘n geneidheid onder die Kaapsgebore slawe van Europese afkoms om op die “baster-hottentotte” neer te sien.²³⁷ Op grond van die vrystatus van hulle Khoikhoimoeders, was die kinders van inheemse moeders en slawevaders ook vry. Volgens die inboekstelsel wat in 1775 te Stellenbosch aanvaar is, was hierdie “baster-hottentot”-kinders voortaan verplig om tot op vyf-en-twintigjarige

²²⁷ R.C.-H. Shell, Introduction to S.E.Hudson’s “Slaves”, *Kronos* 9, 1984, p. 51.

²²⁸ F. le Vaillant, *Travels into the interior parts of Africa, by the way of the Cape of Good Hope; in the years 1780, 81, 82, 83, 84 en 85, I*, pp. 101 - 102.

²²⁹ W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822*, pp. 73 - 74.

²³⁰ R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, pp. 285 - 286.

²³¹ R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson’s “Slaves” *Kronos* 9, 1984, p. 51.

²³² W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822*, pp. 73 - 74.

²³³ R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson’s “Slaves”, *Kronos* 9, 1984, p. 51; R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, pp. 285 - 286; W.W. Bird, *State of Cape of Good Hope in 1822*, pp. 73 - 74.

²³⁴ R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 288.

²³⁵ A.M. Hugo, *The Cape vernacular*, p. 15; *Gleanings in Africa*, p. 64.

²³⁶ A.M. Hugo, *The Cape vernacular*, p. 15.

²³⁷ R. Ross, *Cape of Torments*, p. 47.

ouderdom in diens van die boer op wie se plaas hulle gebore is, te arbeid.²³⁸ Volgens Le Vaillant was hierdie “baster-hottentotte” ‘n superieure groep met ‘n innemende geaardheid en ‘n getrouheid wat nooit hulle meesters in die steek gelaat het nie,²³⁹ terwyl Mentzel hulle arbeidsvermoëns hoog aangeslaan het.²⁴⁰ Beide Anders Sparrman (1748 - 1820), die Sweedse geneesheer wat die Kaap van 1772 tot 1776 besoek het en Hinrich Lichtenstein (1780 - 1857),²⁴¹ Duitse medikus en natuurkundige wat hom van 1802 - 1806 in diens van die Kompanjie bevind het, was beïndruk met hulle wadryfvermoëns.²⁴² Daar word ook melding gemaak dat hulle as veewagters²⁴³ en slawetoetsighouers op plase in diens was.²⁴⁴

Soos reeds vermeld, was die plaaslik “huisgebore” slawe van gemengde afkoms – die “kreeoolse mulatte” – die gewildste, terwyl die ingevoerde slawe as die buitestaanders beskou en behandel is. Eersgenoemde was die elite van die slawebevolking wat beter gemanierd en vir beter opvoeding en opleiding beskore was.²⁴⁵ Buiten vir hulle positiewe fisiese, karakter- en arbeidseienskappe, was hulle gewildheid ook toe te skryf aan die feit dat hulle nie soos die ingevoerde slawe sosiaal en kultureel ontwigtes was wat ‘n wrok gekoester het nie. A.M. Hugo het tereg opgemerk dat “he was born a slave among slaves”.²⁴⁶ Daarbenewens was hulle lewensverwachting hoër en hulle eerste taal meesal die taal van hulle meesters,²⁴⁷ terwyl hulle die minste tot kriminaliteit, drostery en opstand geneig was. Dit was veral die kontak tussen die vroulike gekreoliseerde huisslaaf en haar meesteres wat ‘n belangrike moment in die ontwikkelingsfase van die Afrikaanse taal sou aandui; ‘n tydperk waarin veral die Kaaps-Hollandse kombuis sy rol in dié taalontwikkeling sou speel en aanleiding tot die verwysing na Afrikaans as “kombuistaal” sou gee.

Die Kaapsgebore slaaf was deel van die mees heterogene slawebevolking ter wêreld. Kontak tussen hierdie rykgeskakeerde kultuurmengelmoes van slawe sowel as eienaars wat onder andere Nederlanders, Duitsers, Skandinawiërs en Engelse ingesluit het, sou ‘n akkulturasieproses bewerkstellig waardeur ‘n unieke Kaapse kultuur tot stand gekom het. Dit sou ‘n belangrike element van die groter Suid-Afrikaanse kultuuroopset verteenwoordig. Die geografiese sowel as kulturele heterogeniteit van die Kaapse slawebevolking sou verder tot stereotipering volgens herkoms en ras in die Suid-Afrikaanse samelewing aanleiding gee. Herkoms en afkoms het die waarde en arbeid van ‘n slaaf bepaal en by implikasie ook ‘n belangrike rol in sy lewenswyse en -kwaliteit gespeel. Tot vandag verteenwoordig

²³⁸ R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, in H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 142; N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 58; G.M. Theal (red.), *Records of the Cape Colony VIII*, pp. 385 - 387.

²³⁹ F. le Vaillant, *Travels into the interior parts of Africa, by the way of the Cape of Good Hope; in the years 1780, 81, 82, 83, 84 and 85, II*, pp. 138 - 139.

²⁴⁰ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 126.

²⁴¹ C.J. Beyers en D.W. Krüger (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek III*, p. 533.

²⁴² A. Sparrman, *A voyage to the Cape of Good Hope ... 1772 - 1776, I* (red. V.S. Forbes), p. 103; H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, p. 17.

²⁴³ M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 159.

²⁴⁴ A. Sparrman, *A voyage to the Cape of Good Hope ... 1772 - 1776, I* (red. V.S. Forbes), p. 103.

²⁴⁵ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 130.

²⁴⁶ A.M. Hugo, *The Cape vernacular*, p. 13.

²⁴⁷ R.C.-H. Shell, The tower of Babel: the slave trade and creolization at the Cape, 1652 - 1934, in E.A. Eldredge en F. Morton (reds.), *Slavery in South Africa*, p. 25.

stereotipering ten opsigte van herkoms en ras 'n element in die volksaard van 'n bepaalde deel van die Suid-Afrikaanse bevolking.